# HOËRSKOOL ELDORAIGNE



# DONASIES

Mev. J. Mynhardt
O. Schnitter
P.R. Maree
A. Lamprecht
S.A.G. Martins
C.A. Jansön
P.J. Raubenheimer
C.D.S. Truwig
J.J. Coetzee
Mnr. C.F. Venter
A.G. du Toit
W. Foord
C. Coetzer
G.C. Nel
F. Zauoli
S. Mostert
W. Visser
J.A. de Beer
S.M. van der Merwe
Koos Slabber
M.J. Snyman
R. en A. Vorster
Belinda Turner
M.J. Jacobs
J.J. Robbertse
A.C. Jordaan
G.C.J. Loubser

A.P. Möller
J.M. Nel
Mnr. & Mev. R.P. Arndt
D.M. v.d. Walt
C.J. Coetzee
P.F. Strauss
T.P. Pretorius
Mnr. & Mev. B. Fouché
Dr. J. Oosthuizen
Antoinette Beeslaar
Mev. T. Kirsten
Mev. M.M. Jordaan
A.B. du Plessis
E. Grimbeek
J. Kruger
J. de Villiers
C.M. Badenhorst
L.J. Grobler
Willem D. Gous
S.A.J. Venter
Mnr. P.G. Hugo
F.J. de Lange
D. Scheepers
Hilda Spies
A.J. Roux
D. Collinet
Mev. G. Fourie
C.J. du Plessis

J.A. Vorster
D.J.A. Booyens
J.C. Reyneke
F.W.C. Klopper
F.C. Montgomery
R.M. Vári
J.S. Maritz
M.G. Palin
M.E. Wessels
J. Wessels
R.H. Ehlers
S.F. Rossouw
J. Hoevers
Mnr. P.W. Snyman
C.J. Liebetrau
J.G. Prinsloo
J.E. van de Vyver
H.W. Lock
J.A. Lombard
J.F.C. Steyn
F.P. Botha
P.E. Krüger
H.C.J. Rossouw
P. Gerber
Robbertse Gesin
J.M.C. Horn
G.C. Velthuysen

*Baie dankie aan al die donateurs vir hul spontane bydraes!*





# RIGTINGGEWERS

**ONS TAAK AS ONDERWYSER**

**Hy het mag oor die wording van die gees.**
**Wat hy wond word nooit weer heel.**
**Wat hy groot en suiwer sê,**
**Word helder in die kinderhart gelê . . .**

**(G.A. Watermeyer)**




Verwerwing van kennis is die doel van univeristeitsopleiding — 'n leerproses waarin die mens gevorm word om deur dieper insig 'n voller en vreugdevoller bydrae tot die gemeenskap te lewer.

Aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ervaar u hierdie leerproses in die gesonde gees van ware studentwees, deur die kerngesonde beoefening van die wetenskap in een van nege Fakulteite:

- Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe
- Geneeskunde
- Landbou
- Lettere en Wysbegeerte
- Natuurwetenskappe
- Opvoedkunde
- Regsgeleerdheid
- Sosiale Wetenskappe
- Teologie

**die universiteit van gister, vandag en môre**

**UNIVERSITEIT**

**VAN DIE**

**ORANJE-VRYSTAAT**

Alle Navrae aan:
DIE REGISTRATEUR
UOVS
POSBUS 339
BLOEMFONTEIN 9300






*ONS HOOF: MNR. R.G. VISAGIE*

# BEHEERRAAD



# *BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER*

Met groot erkentlikheid is ons dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat ons weer 'n jaar van vrede gegun is om ons afsonderlike take te vervul. Mag dit nie van ons gesê word dat die kanse en geleenthede wat ons gegun was, nie met vreugde mee gewoeker is nie.

Met die skool se herdenking van sy tiende bestaansjaar, was dit opvallend dat die kinderskoene ontgroei is en skets hierdie jaarblad die sport-, akademiese en kulturele prestasies van die skool, wat tiperend is van die volwassenheid wat nou bereik is. Ons hartlike gelukwense aan die skoolhoof en sy pragtige personeelkorps om saam met die leerlinge so 'n uitstaande skool op te bou. Die bewys hiervan is dat Hoërskool Eldoraigne onlangs opgradeer is na 'n klas S1-hoërskool.

Gelukwense ook aan die redaksie van hierdie mooi jaarblad! Mag dit die samebindingsfaktor wees om ons aan te spoor tot groter samehorigheid tussen skool en ouergemeenskap, personeel en leerlinge, asook 'n uithangbord van ons selfbeeld.

Laastens gun ons 'n welverdiende rus aan die moeë leerlinge en 'n werkkansie aan die op-en-wakker onderwysers, sodat daar weer 'n goeie balans kan wees aan die begin van die nuwe jaar.

Mag die Vrede en Vreugde van 'n ware Kersfees ook elkeen se deel wees gedurende die komende Kerstyd.

Met vriendelike groete

SW Liebenberg
VOORSITTER

**Beheerraad**
*Mnr. T.J. Ehlers, dr. W.N. Prinsloo, mnre. S.W. Liebenberg (Voorsitter), R.G. Visagie en N.J.R. Roets, Ds. F.A. Smit, Mnre. F.W.C. Klopper en C.L Barnard.*





# OOV

# *BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER*



Hoe waar is die woorde van die aanhaling wat ons almal so goed ken:

"Ure, dae, maande, jare skuif soos skadu's stil verby . . ."

Nog 'n jaar is verby en ons staan aan die einde van 1984 wat weer eens 'n besondere bedrywige jaar vir onderwysers, kinders en ouers was. Hierdie jaar het ook weer sy gebruiklike kwota prestasies gelewer. Ons sportbedrywighede, tiende-verjaardagviering, oprigting van ons pawiljoen, meriete-aande, operette: ons personeel en leerlinge het hulle wonderlik van hulle taak gekwyt.

By hierdie geleentheid dra ek my dank en waardering oor aan die Hoof en Personeel. U het gehelp bou en skaaf aan ons kinders se persoonlikhede, hul karakter, en hul prestasies op akademiese-, kulturele- en sportgebied. Tydens die meriete-aande het ons hiervan kennis geneem.

'n Goeie en positiewe gesindheid tussen onderwyser en ouers sal ons kinders inspireer om altyd hul beste te lewer. 'n Swak verhouding sal ons kinders aftakel en hulle belang laat verloor.

Ons as O.O.V. is dankbaar dat ons steeds 'n mooi gesindheid en aangename verhouding met ons ouers ondervind. Dankie ouers vir u ondersteuning maar veral ook vir u mildelike bydraes.

Die O.O.V. van die Hoërskool Eldoraigne wil van hierdie geleentheid gebruik maak om aan ons personeel, ons ouers en hul kinders 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe te wens.

Sterkte aan die redaksie, ons sien uit na nog 'n puik prestasie.

Mnr. C.L. Barnard
Voorsitter: O.O.V.



**O.O.V.**

**VOOR (v.l.n.r.):** *Mnr. M.J. de Vos, mev. A. du Preez, mnr. C.L. Barnard (Voorsitter), mev. M. Schürmann (sekretaresse), mnr. R.G. Visagie, mev. K. van Biljon, mnr. T.J. Ehlers.*
**AGTER:** *Mevv. M. van Vuuren, A. van Wyk, M. Engelbrecht, mnre. A. Moller, A. du Toit, E.J. van Staden, mevv. A. Struwig, E. Immelman en H. Hubee.*
**Nie teenwoordig:** *Mnre. B. Lock, H. Maritz, P. Kruger, P. Schutte, I. de Jongh en P. Smith asook mevv. H. Rust, H. Oosthuizen, B. Buermann, E. Gentle, L. Swanepoel.*



# Personeel

**VOOR (v.l.n.r.):** *Mev. C.J.M. de Lange, mnr. A. van den Berg, mnr. C.A. Jansön, mnr. T.J. Ehlers, mnr. R.G. Visagie, mnr. W.E. Kokot, mnr. J.G.W. Els, mnr. J.P. Booyse, mev. A.A. van Wyk.*
**2de RY:** *Mev. M. Pretorius, mev. M. Oosthuizen, mej. S. Louwrens, mev. E. Pienaar, mev. L.M. van Pletzen, mev. J. Nel, mnr. C. Perkins, mej. L.F. Cronjé, mev. A.E. Odendaal, mev. A.J.M. Stols, mev. R.C. Ludick, mev. L. Colburn, mev. E.C. le Roux.*
**3de RY:** *Mej. M. Fourie, mej. M. van Dyk, mev. E. Bosman, mej. J.C. du Plessis, mev. I. Smith, mev. G.M. Brummer, mev. S. Malan, mev. R. Lombard, mev. H. Posthumus, mej. R. Janse van Rensburg, mnr. D.J. van Niekerk.*
**4de RY:** *Mev. E. du Raan, mev. S.J.A. v.d. Watt, mev. I.A. Jansön, mej. M.A. Scheepers, mev. S.L. v.d. Merwe, mev. M. van Niekerk, mev. E.M. Bruwer, mev. E. Havenga.*
**5de RY:** *Mnr. J.J.P. Olivier, mnr. M. Bester, mev. M.M. le Roux, mev. A.S. Brink, mev. S.G. Els, mev. J.J. Heaney, mej. E. Munnik, mev. H.J. Joubert, mej. S. Engelbrecht, mev. A.C. Celliers, mnr. A.J. Moller, mnr P.J. Lombaard.*



# ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

### DIE KLOK

*Die dames is houtgerus*
*salig onbewus*
*dat mnr. Ehlers*
*die klok afgestel het*
*Mnr. Els storm binne*
*kom julle dames tog tot julle sinne!*
*Die klok moet dadelik lui*
*of almal raak in 'n slegte bui*
*die sirene deurklief die lug*
*Mnr. Ehlers storm binne*
*Wie het die klok laat lui?*
*HOE NOU . . .?*

### DIE BEDIENINGSLUIK

*Dis 'n glas met 'n gat*
*of 'n gat met glas rondom –*
*Dit is seker baie veilig*
*maar ag, so frustrerend*
*dit maak ons vies*
*hoor kan 'n mens nie*
*behalwe as jy met skewe kop*
*op jou tone*
*in 'n potsierlike posisie*
*jou oor teen die gat hou.*
*Ouers en besoekers dink seker*
*ons is imbisiele en dom . . .*

### TOUE, DRADE, TOUE . . .

*Soos 'n slak se sleepsel*
*lê die tikmasjiendrade oor die mat*
*jou trap moet jy berekenend en fyn trap*
*of jy is gepootjie*
*en het jy klaar oor die tou getrap!*

### AFKONDIGINGS

*Tien uit tien vir mnr. Johan Booyse*
*altyd so getrou op sy pos –*
*Dankie meneer*
*dat u altyd bereidwillig is*
*om 'n leerling te roep*
*u kom altyd weer*
*As ons enigsins 'n sê sou hê*
*sou ons al lankal vir u die eretitel van*
*Interkomgeneraal toesê!*



**Administratiewe personeel**

**V.l.n.r.:** *Mevv. J. Nel, L. de Wit, D. Müller, S. Becker.*
**Inlasfoto:** *Mev. A. Groenewald.*

# REDAKSIE



**VOOR (v.l.n.r.):** *Mev. A. v. Wyk, mnr. J. Els, mej. S. Engelbrecht.*
**2de RY:** *Mev. A. Stols, mev. E. Bosman, mev. M. Pretorius, mej. A. Scheepers, mev. E. le Roux.*



**Leerlingraad**
**VOOR (v.l.n.r.):** *H. Snow, D. Schürman, S. Cilliers, mnr. R.G. Visagie, J. Liebenberg, A. v. Biljon, S. Bezuidenhout.*
**2de RY:** *Mnr. J.G.W. Els, M. Oosthuizen, L. Bester, D. van Niekerk, L. Murphy, M. Nöthling, H. Zetzkorn, A. Buskes, A. Agenbach.*
**3de RY:** *D. Serfontein, W. Fourie, L. Howell, M. Els, J. Jacobs, W. Vermeulen, C. du toit, J. Liebertrou, W. Neitz.*
**4de RY:** *H. v. Deventer, A. Barnard, C. Audi, E. Braasch, S. Schutte, T. Coetzee, W. Roets.*

## BOODSKAP VAN DIE HOOFSEUN EN DIE HOOFMEISIE

Aan die einde van die jaar kyk ons, as matriekleerlinge, terug oor twaalf jaar van lief en leed. Twaalf lange jare waarin ons voorberei is om hierna 'n sinvolle bestaan te kan voer, waartydens ons gelei is tot selfstandige besluitneming en optrede. Ons het ook geleer om verstandig te wees en die regte waardes en norme te ontwikkel vir die volwasse lewe wanneer ons die skoolhek die laaste keer uitstap.

Aan mnr. Visagie, die personeel en leerlinge ons opregte dank aan elkeen vir julle aandeel om hierdie jaar vir ons 'n baie spesiale jaar in ons skoolloopbaan te maak.

Ons staan egter onder die diepe besef dat ons op eie stoom niks kan uitrig nie. 'n Welgestelde jongman het eendag deur 'n park gestap en toe hy 'n boemelaar onder 'n boom sien lê, vir homself gesê: "Daar lê ek, as dit nie vir die genade van God was nie." As dit alle Eldoraigners se gesindheid is, sal dit goed met julle gaan.

As matrikulante sê ons net: "Ons het help bou aan die eerste dekade. Mag Hoërskool Eldoraigne in die tweede dekade nog hoër hoogtes bereik."

Mag elke leerling wat in die toekoms sy skoolboeke finaal inpak, soos sy voorgangers trots en eerlik kan sê: "Op Hoërskool Eldoraigne, daar het ek my roeping vervul".

Sarel en Jolize



**Sosiale Raad**
**VOOR (v.l.n.r.):** *W. Messerschmidt, C. Botha, Z. Bouwer, mnr Visagie, W. Smith, M. Goosen, M. Vari.*
**2de RY:** *A. Jacobs, L. Picard, Y. Joubert, S. Gentle, M. v.d. Merwe, P. Grobler, E. Nöthling, L. Greyling, mnr Els.*
**3de RY:** *N. Kaltwasser, B. du Plessis, C. Venter, J. Labuschagne, L. v. Donkersgoed, D.C. Bezuidenhout, F. Fourie, A. Nieuwoudt, M. Wessels.*
**4de RY:** *J. Cilliers, R. Pohl, T. Brönner, W. Kruger, M. Palin.*





**Klasleiers**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Renier du Preez, Bernard Tomlinson, Hannes van Rensburg, mnr. J. Els, Jannie Steyn, mnr. R.G. Visagie, Johan Strydom, Chris Jacobs, Hendrik Albertse.*
**2de RY:** *Marius Smuts, Wimpie Espag, Neil Olwage, Jaco Snyders, Gustav Raubenheimer, Zane van der Berg, Mark Webber, Stefan Foort, Freddie Strauss, Bienne Bekker, Werner Vogler, Henri Voster, Zietse Albertse.*
**3de RY:** *Gideon Scheepers, Ruan Breytenbach, Werner Pretorius, Barend v.d. Merwe, Carel Oberholzer, Elardus v.d. Walt, Pieter Kidson, Uneill Gerber, Johan Jacobs, Christiaan de Jongh, Jurgens Prinsloo, Danie Nel.*
**4de RY:** *Heino Noeth, Christo Botha, Francois Steenkamp, Theodor Paetzold, Abrie Smith, Louis Wilbers, Marc Schürman, Robett v.d. Spek.*
**5de RY:** *Christie Guy, Danie Bezuidenohout, Dries Brits, Gerrit Velthuizen, Egard Voight, Martin Botha, Theuns Ehlers, Jan Roux, Dawid Malherbe, Pieter Nel.*



**Klasleidsters**
**VOOR (v.l.n.r.):** *J. Lindeque, R. Retief, T. v.d. Laan, mnr. J. Els, A. v.d. Merwe, mnr. R.G. Visagie, K. Kriel, E. Pohl, C. Smit.*
**2de RY:** *I. Jansön, M. Kriel, T. Loopstra, E. v. Biljon, D. Nel, D. Fourie, M. Smit, S. le Roux, D. Delport, D. Burns, E. Kruger, A. van Noordwyk, J. du Toit, L. Hubee, E. Trevorrow.*
**3de RY:** *M. Jordaan, S. Venter, H. Rolfes, C. Symington, Z. Chipps, E. Jordaan, L. Rompel, E. Basson, C. Lock, A. Strydom, J. de Villiers, S. Silvestri, A. Riekert.*
**4de RY:** *J. Coetzee, A. Roux, J. Smith, A. Barnard, G. Landman, F. Arnold, S. Boraine, D. du Toit, C. Pieterse, W. Liebenberg.*
**5de RY:** *G. Jacobs, I. Hulme, J. Hacqueboard, A. Cilliers, E. Vorster, P. Cilliers, C. v. Wyk, M. Venter, C. de Jager, D. Geyser, M. Agenbach, L. Meinhardt.*

TECHNIKON PRETORIA
PROSPERITAS PER PERITIAM

**Bekwaam uself vir die toekoms!**

*Kursusse in:*

Ekonomiese Wetenskappe
Natuurwetenskappe
Geesteswetenskappe
Ingenieurswese

***Vir verdere besonderhede skryf aan:***

Die Registrateur
Afdeling Inligting en Skoleskakeling
Technikon Pretoria
Kerkstraat Pretoria 0002
Skakel: 012-283811 x 229








# SPORT

## DIE HARDLOPER

Met wilde maar met suiwer hart
het hy die woeste wedren fel begin,
en elke myl met rappe voet getart,
hy sou die vlugste lopers nog oorwin.

Sy hart het hoog geklop, sy bloed was heet,
die winde het sy haregolf gelig;
met snelle draf het hy die baan gemeet,
die vreug van spierkrag was op sy gesig.

Hy het geloop met stormdrang in sy bloed,
sy ademstoot 'n hete windgejaag,
die see se branding in sy strenge moed,
toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:

Wie is die ongesiene makker in die loop,
van wie die voet langs syne en die wind
van asem agter hom, van wie die hoop
dat nog 'n bors die witte lint mag vind?

Dié vreemde spanmaat het hy nie geken,
nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;
hy weet al het hy nou die loop gewen,
die ander man sal eendag eerste wees.

(Ernst van Heerden)

# RUGBY

Reeds aan die einde van 1983 het die rugby geesdrif al spontaan na vore gekom met die oog op ons beplande toer. Hoewel net die senior spelers by die toer betrokke was, het die juniors vol ywer weggespring. Gedurende die toer het 'n sterk spangees ontwikkel, nuwe potensiaal is ontdek en die afrigters het groot ideale vir die komende seisoen gekoester.

Hoewel die ligaseisoen op verkeerde voet begin is, het die span geleidelik verbeter. Ongelukkig kon ons nooit met ons ware spelpatroon vorendag kom nie. Die prestasies wat behaal is, is merkbaar minder as die vorige jaar, deurdat net twee spanne bo in hulle ligas uitgekom het. Ongelukkig is albei die spanne in die kwarteindrondte van die Noord-Transvaalstreek uitgeskakel.

Wat persoonlike prestasies betref, het Deon Schürmann homself deeglik van sy taak gekwyt. Nie alleen is hy as lid van die Noord-Transvaalse skolespan gekies nie, maar het hy ook vir hom 'n plek in die Suid-Afrikaanse skolespan oopgespeel, wat 'n besondere prestasie is. Die skool wil hom van harte geluk wens en hom alle voorspoed toewens vir die toekoms.

Graag wil die matrikulante die oorblywende rugbyspelers sterkte toewens vir die komende seisoen. Daar is genoeg potensiaal en entoesiasme onder julle om groot hoogtes te bereik.

Die rugbyspelers van Eldoraigne wil al die afrigters bedank vir hulle harde werk en toewyding, en die hoop uitspreek dat daar genoeg afrigters sal wees vir die komende seisoen om dié harde taak te vergemaklik.

B. Tomlinson




**1ste Span Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *K. Jooste, C. Janson, B. Tomlinson (kapt.), R. G. Visagie, L. Wilbers, D. van Niekerk, J. Jacobs.*
**2de RY:** *T. Ferreira, K. du Toit, J. Liebertrau, R. Riekert, W. Fourie, H. Snow, C. Watson,*
**3de RY:** *C. Botha, H. Noëth, P. Hoffman, W. Neitz, H.J. van Rensburg, S. Celliers, D. Schürmann.*





**2de Span: Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *K. du Toit, K. Jooste, L. Howell, W. Espach, H. Erasmus*
**2de RY:** *A. Geldenhuys, C. Robinson, B. du Plessis, R. Wessels, E. de Jong, C. Watson, A. Buermann*
**3de RY:** *C. Janson, F. Greyvenstein, J. Klopper, H. van Deventer, J. van Niekerk, A. Niewoudt, H. Noëth, M. Schürman, D. van Niekerk.*



**3de Span Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *J. van der Walt, H. Bothma, R. Brussow (kapt.), H. Erasmus, S. J. Lombard*
**2de RY:** *T. Bronner, E. de Jong, C. Venter, T. Petzhold, S. Zervic*
**3de RY:** *C. Janson, F. Viljoen, J. van Nierkerk, H. Buys, M. Schurman, D. van Niekerk.*



**4de Span Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *D. Bothma, J. Jacobs, H. Buys, J. Steyn, H. Bothma*
**2de RY:** *G. Schwartz, H. Straus, S. Zervic, S. Barnard, A. Bester, A. van Rooyen, A. Smuts, M. Botha*
**3de RY:** *C. Janson, G. Scheepers, Celliers, H. Taljaard, A. Ackerman, J. Nel, A. Agenbach, D. van Niekerk.*



**O/15 A Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *André van der Walt, Jaco Els, Abré Immelman (kapt.), Willem Gous, Viljoen Engelbrecht*
**2de RY:** *Hendrik Mulder, Ettienne Rudolph (o/kapt.), Elardus van der walt, Lennie Cloete, Henricus de Vos, Egardt Voigt*
**3de RY:** *Mnr. A. van den Berg, Buksie Celliers, Pieter Nel, Flippie Burger, Willie de Wet, T. J. Ehlers.*

**O/15 B Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *J. Barnard, J. van der Lelie, W. van der merwe, L. Strauss, J. Barnard*
**2de RY:** *W. Prinsloo, A Slabbert, A. Steyn, H. Alberts, W. van der Merwe, R. Breytenbach.*
**3de RY:** *F. de Lange, M. Smuts, D. Nel., R. de Wet, V. Farrall, mnr. Ehlers.*





**O/15 C Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *J. Brönner, L. Moller, D. Nel, A. Steyn, L. Kotze*
**2de RY:** *D. Jacobs, L. Prinsloo, J. Myburgh, Jo Joubert, U. Gerber*
**3de RY:** *Mnr. van den Berg, F. Martins, T. Hartman, mnr. Ehlers.*

**C.L. BARNARD**



**O/14 A Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *J. Kruger, L. Taljaard, C. Trichardt, I. de Villiers, B. Bekker*
**2de RY:** *K. Meiring, H.J. Voster, H. Peatzolt, R. Oeschger, W. Pretorius, F. Els*
**3de RY:** *Mnr. J.J.P. Olivier, W. Lindeque, B. van der Merwe, D. Kritzinger, T. Ehlers, mnr. P.J. Lombaard.*





**O/14 B Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *L. Pretorius, W. Grové, D. Prinsloo (kapt.), J. Jacobs, S. Venter*
**2de RY:** *W. Fribbus, N. van der Walt, J. Harmse, J. Landman, C. Bester, H. Smith*
**3de RY:** *Mnr. J.J.P. Olivier, T. Ehlers, D. Kritzinger, W. Lindeque, D. Malherbe, mnr. P.J. Lombaard.*

**O/13 A + B Rugby**
**VOOR (v.l.n.r.):** *S. Foord, W. Robinson, C. Hoffmann (kapt.), M. Webber, B. Jacobs*
**2de RY:** *F. van der Merwe, F. Strauss, A. Malherbe, A. van der Walt, P. de Villiers, H. Prinsloo, H. Hacquebord, B. van den Heever*
**3de RY:** *A. van Deventer, D. Softman, J. du Preez, P. Roos, W. Voight, H. Craukamp, P. Rust*
**4de RY:** *Mnr. J. P. Booyse, R. du Toit, A. Moller, N. du Plessis, C. L. G. de Jongh, W. Mulder, mnr. M. Bester.*



# NETBAL

Weer eens staan ons aan die einde van nog 'n skooljaar en kan ons terugkyk op 'n baie aangename en suksesvolle netbalseisoen.

Met splinternuwe netbalbane, het die meisies ywerig en met groot entoesiasme weggespring en begin oefen. Daar het, soos in die verlede, weer eens 'n pragtige gees onder die meisies geheers. Vir ons meisies was dit 'n splinternuwe ondervinding, maar ook 'n uitdaging om in die B-bond te speel. Daar is 16 spanne ingeskryf, en al het almal nie heel bo uitgekom nie, was dit vir almal 'n onvergeetlike seisoen met talle hoogtepunte.

Ons wil dan baie geluk sê aan die O/16 B span wat nie net hulle liga gewen het nie, maar ook die Noord-Transvaal wenners was. Die O/14 A en B spanne, het ook hulle onderskeie ligas gewen. Ons is baie trots op julle en wens julle alle voorspoed toe vir die jare wat vir julle saam voorlê.

Ons wil ook vir Erica Braash baie geluk sê wat haar pad tot diep in die Noord-Transvaal proewe oopgespeel het. Vir ons matrieks verál, was dit 'n onvergeetlike jaar wat ons nog lank sal bybly.

Ons wens volgende jaar se eerstespan alle voorspoed toe. Hou Eldoraigne se naam hoog!

Baie dankie aan al die onderwysers wat so onvermoeid en met soveel ywer hulle gewig ingegooi het. So ook aan almal wat in ons wel en weë belanggestel het – dit het nie ongesiens verbygegaan nie.

Die volgehoue belangstelling van ons ouers, het veral bygedra tot die groot hoogtes wat ons dikwels bereik het.

Baie dankie.

Laurensia Bester

**Netbal (1e Span)**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mnr. R. G. Visagie (hoof), Lourensia Bester (kapt.), Pierrette Grobler, Erica Braasch, Jolize Liebenberg, Wanda Sauer, Nicolene Kaltwasser, Cisca Viviers, mev. Ina Brummer (afrigster).*





**Netbal (2e Span)**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Frieda Arnold, Christine Audie (kapt.), Marinda Pretorius.*
**2de RY:** *Gloudi Jacobs, Sandri Schutte, Linda Greyling, mev. Ina Brummer (afrigste).*
**AFWESIG:** *Nicolé da Costa.*





**Netbal Senior D**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Elmarie Basson, Esmeralda Marais, Annette Robson.*
**2de RY:** *Amanda van der Merwe, Theressa Struwig, mev. H. Posthumus, Susan van Wyk, Chrisna du Preez.*

**Netbal Senior C**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Corné Botha, Yolanda Spaumer, Marisso van der Merwe.*
**2de RY:** *Mariaan Agenbag, Susan van Wyk, mev. H. Posthumus, Mary du Caat, Amanda van der Merwe.*



J.C. VENTER



**O/16 Netbalspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Annelie Riekert, Surette Marais, Magdaleen van Dyk.*
**2de RY:** *Leana de Jongh, Karen de Jager, mev. M. de Lande, Charmaine van Heerden, Adèle Janse van Rensburg.*

**O/16 B-Netbalspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mariana van Heerden, Yvette Büermann, Lana Koen.*
**2de RY:** *Suzette Deetlefs, Elmarie Badenhorst, mev. M. de Lange, Annelie Cilliers, Jacqueline Hacquebord.*





**Netbal O/16 C**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Jonita Coetsee, Alitha Roux, Vedré Bekker.*
**2de RY:** *Mej. E. Munnik, Mart-Mari Bothma, Janette Pretorius, Laetetia Rust.*

**Netbal O/16 D**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Amanda Messerschmidt, Mellissa Slabber, Wilma Fourie.*
**2de RY:** *Leanna J. van Rensburg, Anneke Maritz, mej. E. Munnik, Marlene Spamer, Sunette Snyman.*





**O/15 A-Netbalspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Minke Smit, Estelle van Biljon, Joanie du Toit.*
**2de RY:** *Judy Engelbrecht, Wimpie Liebenberg, mev. A van Wyk, Yvette Viviers, Nicolene Marais.*





**O/15 B-Netbalspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Annelien Strauss, Ronel Fouché, Ronel van Zyl.*
**2de RY:** *Philette Grobler, Soretha Kirsten, mev. A. van Wyk, Ingrid Hulme, Corlia Smaal.*

**Onder 15 C-Netbal**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Hanlie de Witt, Liezelle Grimbeeck, Elise Erasmus.*
**2de RY:** *Jácoleen Koster, Amelia Venter, mej. J.C. du Plessis, Yvonne Sylvestri, J.C. Kloppers*





**Onder 15 D-Netbal**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Deidré Nel, Monique Nijkamp, Aletta Bester.*
**2de RY:** *Elise Erasmus Marietjie Swanepoel, mej. J.C. du Plessis, Grette Botha, Desiree Venter.*

**IMBUIA HOUTPRODUKTE**



**Netbal O/14 A**
**Voor (v.l.n.r.):** *Wilma Rossouw, Karen Lock, Anna Ehlers.*
**Agter:** *Elmarie du Preez, Corné Coetzee, Mevrou Brümmer, Hanlie Rolfes, Inge Jansön.*

**Netbal — O/14 B**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Selma Pieters, Koba Albertse (kapt.), Petro Cilliers.*
**2de RY:** *Adelle Orban, Marindo Delport, mev. Ina Brummer (netbalorganiseerder), Jacqueline van der Waals, Alma Kaltwasser.*





**Netbal O/14 C**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Karen Senekal, Hanli Hubee (kapteine), Ilizanne Joubert.*
**2de RY:** *Lelanie Jansen van Rensburg, Karien Joubert, mev. Heaney, Mariëtte Bekker, Annelize Mynhardt.*

**O/14 D Netbalspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Erika Nel, Chrizanda Pieterse (kapteine), Liza Kruger.*
**2de RY:** *Annelize Mynhardt, Maria S. (Soria) Loubser, mev. Heaney, Janine Basson, Karen Senekal.*



**G.P. PIENAAR**



# KRIEKET

Ons het vanjaar met groot verwagting uitgesien na die krieketseisoen. Ons verwagtinge is egter bietjie gedemp deur die feit dat daar geen krieketnette was nie. Die spanne het baie gesukkel om op dreef te kom juis omdat ons oefening beperk was.

Die eerste span het vanjaar vir die eerste keer aan die Administrateursbeker-wedstryde deelgeneem en kon slegs een wedstryd teen Voortrekkerhoogte wen. Twee van ons spelers, naamlik Riaan Celliers en Leon Duvenhage het ons skool verteenwoordig by die jaarlikse dubbelpaaltjiekompetisie. Hulle is egter deur Afrikaans Hoër uitgeskakel.

Die krieketspelers wil graag vir mnre. Jansön, Lombard, Olivier en Charlton-Perkins bedank vir die tyd wat hulle vir ons opgeoffer het. Verder hoop ons dat die krieketnette volgende seisoen gereed sal wees sodat Eldoraigne se naam ook op die gebied van krieket sy regmatige plek kan volstaan.

Marius Els

**1ste-span Krieket**
**VOOR (v.l.n.r.):** *M. Els, J. Liebertrau, C. Janson, R. Celliers, L. Duvenhage, L. van der Merwe.*
**2de RY:** *A. Slabbert, A. dan der Walt, b. Celliers, C. Botha, D. Bezuidenhout, J. van der Walt, L. Hofmeyer, J Els.*





**O/15 Krieket**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Carel Smit, Bienne Bekker, Kosie Meiring (kapt.), Pierre Arndt, Willem Gous*
**2de RY:** *Lennie Cloete, Henry Peens, Dirk Prinsloo, Werner v/d Walt, Viljoen Engelbrecht.*
**3de RY:** *Johan v/d Waals, Vincent Farrell, Thys Fourie, Hendrik Mulder, mnr. Perkins.*

**O/14 Krieketspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *M. Webber, mnr. P.J. Lombaard, H. van der Walt (kapt.), mnr. J. J. P. Olivier, S. Foord.*
**2de RY:** *W. Rosinson, C. Hoffman, J. Kruger, C. Bester, W. Messerschmidt, F. Els, F. van der Merwe, P. de Villiers.*



**C.M. VAN AARDE**

# HOKKIE

Aan die einde van ons hokkieseisoen kan ons as speelsters en afrigters terugkyk op 'n baie geslaagde en suksesvolle seisoen. Met nege spanne en net een hokkieveld het ons vanjaar weer eens bewys dat "waar 'n wil is, is 'n weg," en twee van ons spanne in die B-bond het deurgedring tot die semi-finaal en verder. Die O/15-B het uiteindelik as kampioenspan in hulle afdeling uit die stryd getree.

Hoe het ons dit reggekry? Deur afrigters wat altyd bereid was om van hulle kosbare tyd op te offer en met die grootste geduld ons dag na dag te laat oefen en te help. Aan hulle: mevv. Brink, Malan, Pretorius, Bosman en Van Niekerk sê ons baie dankie! Die gees onder ons spanne was iets om te beleef! Dink net hoe het sommiges met griep en al uit die bed opgestaan om te speel!

Die jaar 1984 sal ook onthou word vanweë 'n baie suksesvolle afrigtingskursus wat ons bygewoon het te Potchefstroom. dit was vroeg al reeds duidelik dat die kursus sy stempel op ons hokkie afgedruk het.

Geluk aan Shawn Gentle wat gekies is as lid van die Noord-Transvaalse oefengroep, ook aan Tania Coetzee en Annelise Koltsow met hulle prestasies.

Dankie ook aan ons ouers vir hulle ondersteuning, aanmoediging en opofferinge. Sonder ons ouers sou ons spanne sekerlik nie so presteer het nie. Dankie ook aan mev. E. Gentle vir haar "bussie".

Wat van 1985? Dit kan weer 'n groot jaar wees. Eldoraigne het die speelsters, afrigters en die wil om te wen.

Hokkiespeelsters van 1985 – Vervul julle roeping!

Die Hokkiekomitee

**Eerste Hokkiespan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Ilse Joubert, Aneri Barnard (kaptein), Zelda Bouwer*
**2de RY:** *Deidré Lamprecht, Elmarie Kruger, Shawn Gentle, Marlene Oosthuizen*
**3de RY:** *Mnr. R.G. Visagie, Tania Coetzee, Louise Mynhardt, Annelize Koltzow, Marianne Wessels, mev. A. S. Brink (afrigster).*




SCHALK EN LIZA LIEBENBERG



**2de Hokkiespan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Dawn Gentle, Maryke du Plooy, Marinda Joubert*
**2de RY:** *Erika Paul, Elsa Sonnekus, Dawn van Niekerk, Yvette Joubert*
**3de RY:** *Sonja Thiele, Erika van Huyssteen, mev. M. Pretorius, Lydia Brits, Crizel Steyn.*



**3e Hokkiespan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Monica Venter, Daleoté du Toit, Anna Olivier.*
**2de RY:** *Joanette Lindeque, Louise van der Merwe, Ronel Bester, Suné McEnary.*
**3de RY:** *Marike Buitendijk, Mirella de Kock, mev. Bosman, Erika Vorster, Angelique Jacobs.*

**4e Hokkiespan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Zanie Dippenaar, Sarie de Villiers, Liesl Hubee.*
**2de RY:** *Minette Vari, Charmaine Benadé, Anneke van Noordwyk, Lizél Viljoen.*
**3de RY:** *Idélle Steenkamp, Anneke van der Merwe, mev. Bosman, Cecile Schutte, Margaret Engelbrecht.*



E.F.W. BUERMANN



**Hokkie O/15A**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Leonie Snyman, Marelies Marais (kapteine), Hannelie Henning.*
**2de RY:** *Magda Wessels, Denise Burns, Belinda Turner, Anessa Joubert.*
**3de RY:** *Anja Pieterse, Marissa Joubert, mev. Malan, Hilke Bos, Joanette Roets.*



**Hokkie O/15 B Noord-Transvaal & Liga wenners**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Annelie Wehmeyer, Deidré Mynhardt (kapteine), Nelda Grundlingh.*
**2de RY:** *Sarita Potgieter, Mariaan Badenhorst, Rita du Preez, Linda Louw.*
**3de RY:** *Heidi Richter, Marinda van Huysteen, mev. Malan, Louise Lombard, Roxane Keeve.*
**AFWESIG:** *Mariana Fourie.*



**Hokkie: Beginners**
**VOOR (v.l.n.r.):** *C. Venter, K. Coetzee (kapt.), A. van Wyk.*
**2de RY:** *A. Meyer, E. Visser, J. Odendaal, D. Fourie.*
**3de RY:** *L. Engelbrecht, Z. Walsh, mev. M. van Niekerk, M. Deysel, K. Killian.*



# TENNIS

Dagsê, alle tennisbelangstellendes.

Danksy puik onderwysers en entoesiastiese seniors kan ons weer eens terugkyk op 'n aangename tennisseisoen. Alhoewel tennis weer eens 2de gekom het by ons O/15 dogters, kan ons darem met 'n getal van 13 spanne spog wat in die A, B, C en D- liga onderskeidelik meegeding het.

Die seuns bo/15 het hulle baie goed van hulle taak gekwyt, aangesien hulle baie sterk kompetisie gehad het. Van die wedstryde wat hulle gespeel het, het hulle wel nie almal gewen nie, maar ook waar hulle die knie moes buig, was hulle gees beslis deurentyd van die beste. Die dogters bo/15 A-liga het weer eens die skool se naam hoog gehou: van die 6 wedstryde het hulle vier gewen, een met vier punte verloor en die ander een moes weens omstandighede buite ons beheer afgestaan word aan ons opponente.

As gevolg van griep, hokkie en netbal het ons O/15 dogters ons in die steek gelaat. Een span moes onttrek en sodoende moes 3 wedstryde afgestaan word. Die seuns O/15 het hulle soos gewoonlik goed van hulle taak gekwyt deur goeie oorwinnings te behaal sowel as hulle neerlae met 'n goeie gesindheid te aanvaar. Belangstelling en entoesiasme ontbreek geheel en al by ons juniors. Dit kan toegeskryf word aan die swak toestand van ons tennisbane en die feit dat 'n groot skool soos Hoërskool Eldoraigne slegs twee tennisbane het. Daar is wel aan die einde van 1983 ywerig gepoog om ons bane op te knap, maar dit is voor voltooiing daarvan, gestaak.

Ons kan ook met trots sê dat 'n goed georganiseerde kampioenskap tans nog aan die gang is. Ons wil in die besonder vir mevv. Havenga en Jansön bedank vir hulle moeite en geesdrif waarmee hulle dit vir ons gereël het. Die leerlinge se waardering word in die manier waarop hulle meeding en die gees wat daar onderling heers weerspieël. Dit wek belangstelling en sò word nuwe talent ook ontdek.

Dankie vir alle leerlinge, ouers en onderwysers wat saam gewerk het om die afgelope seisoen weer eens 'n suksesvolle en besondere siesoen te maak.

Tennisgroete
Annelie Buskes



**Eerste Tennisspan (Gemengde Liga)**
*Louis Hofmeyr, Frans Badenhorst, Chris Volschenk, mev. A. Celliers, Leanna de Jongh, Suegné Hollenbach, Annalie Buskes, mev. I. Janson*



**Seuns Bo-15: Eerste span**
*Mnr. R. G. Visagie (hoof), Louis Hofmeyr, Chris Volschenk, Tasha Ferreira, Frans Badenhorst, mev. I. Janson.*





**Tennis bo-15 A-liga (eerste span)**
*Mnr. R. G. Visagie (hoof), Hanlie de Wit, Suegne Hollenbach, Leana de Jongh, Annelie Buskes, mev. A.C. Celliers*

**2de Span Seuns bo-15**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Marius Els, Tasha Ferreira, Leonard Smith*
**2de RY:** *Leana de Jongh, Hannelie de Witt, Zelda Setzkorn, M. Oosthuizen.*





**Bo-15 3de Span**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Marius Els, Adriaan Smuts, Danie Bezuidenhoudt*
**2de RY:** *Lana Geyer, Karen Kriel, Jean-Marie de Villiers, mev. E. M. Bruwer.*

**4de Span Seuns bo-15**
*Marius du Preez, Donovan Burger, M. Oosthuizen, Lubertus van Donkersgoed, Danie Bezuidenhout.*



**PIETER FOURIE**

# Swartkop Kwekery

gehard bome
struike
potplante
kantoorlandskap-beplanning
Verhuring van plante vir funksies



Tel. 6-8600
Gouslaan, Raslouw Landbouhoewes






**Meisies Bo-15 C-liga**
*Jeanne-Marie de Villiers, Karin Kriel, mej. S. Louwrens, Anne-Maloney Janse van Vuuren.*



**Tennis: Gemengd O/15 1e-span**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Danie Botha, Francois Volschenk, Thys Fourie*
**2de RY:** *Leonie Snyman, Aletta Ehlers, Alma Kaltwasser, mev. L. Colburn.*



**Tennis O/15 C Liga Gemengde span**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Jimmy de Villiers, Eric Smuts, Hennie Reyneke*
**2de RY:** *Reinette Coetzer, Corné Coetzee, Junita Stassen, mej. Van Dyk.*



**Tennis O/15 Seuns Eerste span**
*Danie Botha, Jaco Snyders, mev. E. Havenga, Francois Volschenk, Thys Fourie.*

# My Boutique



*Elise Immelman*
*en*
*Baby du Plessis*

*nooi U vriendlik uit na hul winkel.*

*Kom kyk gerus na*
*Nuutste Modes*
*Groot Verskeidenheid*
*Deftige Uitrustings en*
*Veral Slenterdrag vir die jonges.*

**Winkel no. 3**
**Henmarsentrum**
**Koedoestraat**
**Wierdapark**
**64-5235**



# STYLE CONCRETES

POSBUS 3706
PRETORIA
0001

TEL. 77-5533 / 77-5482



OMSKEP U TUIN IN 'N LUSHOF . . . U HUIS IN 'N PRAGWONING . . .
MET ONS BETONPILARE EN TUINMEUBELS.

'N GROOT VERSKEIDENHEID VAN PILARE, POTTE, SPUITFONTEINE, TUINLIGTE, BANKE EN TAFELS, VOËLBADDENS, BEELDE ENS.

**ALLES IN VERSTERKTE BETON TEEN FABRIEKSPRYSE!**
**BESOEK ONS GERUS!!**

**KATALOGUSSE BESKIKBAAR!**



**MAANDAE — VRYDAE:**
**08h00 — 17h30**

**SATERDAE:**
**08h00 — 14h00**








**Tennis: Dogters O/15 B Liga. Eerste Span**
*Marinda Delport, Aletta Ehlers, mej. M. van Dyk, Leonie Snyman, Alma Kattwasser.*

**Tennis: Seuns O/15 2e-span**
*Johan Horn, Jimmy de Villiers, Riaan Herman, mev. L. Colburn.*





**3de Span dogters O/15 Tennis**
*Jolita Stassen, Rynette Coetzer, Antoinette van Buuren.*

**O/15 C-liga**
*Fredri van Donkersgoed, Lanie Rynners, mej. S. Louwrens, Ananda Ludick, Jolita Stassen.*



**MEV. M.G. VENTER**

*Ons leef in die eeu van Spesialiste.*

*Op die gebied van die Mediese-, Handel-, Ekonomiese- en ander wetenskappe is daar nie meer plek vir die spreekwoordelike "Jack of all trades" nie.*

*Wanneer mens huisbou, maak jy waarskynlik die grootste enkele belegging in jou lewe.*

*Daarom het jy Spesialiste nodig om jou met hierdie belangrike stap by te staan.*

**Skakel vandag A. P. BRITZ BOUERS**

*DIE HUISBOUSPESIALISTE* om u te help

**TEL. 64-4148/9**

**na ure: 64-3008 68846**



**DIE REGTE MENSE!**

**A.P. BRITZ BOUERS EN EIENDOMSAGENTE**





Met die jaar wat einde se kant toe staan, kan ons weer eens terugkyk op 'n baie suksesvolle atletiekseisoen dié jaar. Eldoraigne se naam is weer eens hoog gehou deur talle atlete wat hulle goed van hulle taak gekwyt het. Dit het baie tyd, deursettingsvermoë en oefening gekos. Talent het van alle kante af ingestroom en die afrigters moes bontstaan om almal van hulp en raad te voorsien. Die st. 6-byeenkoms en die interhuis is sommer vroeg die jaar al afgehandel. Soos gewoonlik het die Amasone met 'n oorweldigende meerderheid die pyp gerook. Daar is aan verskeie byeenkomste deur die jaar deelgeneem. Daar is, onder andere, meegeding teen Hoërskool Verwoerdburg, Hoërskool Erasmus, Hoërskool Silverton, Hoërskool Wonderboom, Wagpos en nog vele meer.

Die interhoër was weer eens vir Hoërskool Eldoraigne 'n groot geleentheid. Die aanmoediging en inspirasie van die res van die skool, het ons atlete so gemotiveer dat ons 'n 4de plek in die B-bond behaal het. Die uitslae was soos volg: C.R. Swart 440, Wonderboom 372, Verwoerdburg 332, Eldoraigne 297, Erasmus 277, Silverton 236 en Wagpos 116. Tydens die interhoër is twee van ons atlete nl. R. du Toit en L. Ferreira onderskeidelik as die beste seun en dogter in die velditems aangewys.

Lize Ferreira het ook, soos ons haar ken, die Suid-Afrikaanse Junior Atletiekspan gehaal. Ons is baie trots op jou!

Heelwat van ons atlete het ook Noord-Transvaalkleure verwerf. Hulle is: L. Ferreira, A. Buskes, W. Roets, H. Albertse, S. Albertse, W. Neitz, L. Möller, D. Serfontein en P. Nel.

Die volgende atlete is ook uitgenooi om aan die Noord-Transvaalse kampioenskappe deel te neem: J. Klopper, E. Kruger, B. du Plessis, H. van Deventer, H. Mulder, E. van Biljon, J. Hacquebord, J. Engelbrecht, N. Marais, A. van Wyk, S. Snyman, H. Hubee, R. du Toit, L. Janse van Rensburg en H. Janse van Rensburg.

Aan al ons atlete en aan mnr. Booyse wil ons baie dankie sê. Onthou: " 'n Sportman kompeteer skoon en na die beste van sy vermoë, geniet dit om te waag, gee sy opponent die voordeel van die twyfel en waardeer die spel hoër as die uitslag."

Annelie Buskes



**Atletiek: Seuns**
**HEEL-VOOR (v.l.n.r.):** *Heero Hacquebord, Pieter de Villiers, Eduard Arndt, Eugene v/d Lely, Karl Hoffman, Stefan v/d Watt, Freddie Strauss, Hendrik v/d Walt.*
**VOOR:** *Fanie Lombaard, Hannes v. Rensburg, Johan Liebetrau, mnre. Booyse, Visagie, mev. Malan, Deon Schürman (kapt.), Albert Geldenhuys, André Agenbag*
**2de RY:** *Nico van der Walt, Willem Messerschmidt, Henry Vorster, Pierre Rust, Neil Olwage, Louis Möller, Stefan Foord, Bienne Bekker, Robert Oeschger, Willem Gous, Pieter Bosman, Waldo Friebus, Nelis du Plessis*
**3de RY:** *Riaan Herman, Danie Greyling, André Breytenbach, Sietze Albertse, Chris Barnard, Charl de Haast, Louis Strauss, Alfred Paetzold, Pieter Kidson, Leon Holtzhauzen, Ruan Breytenbach, Christie Guy*
**4de RY:** *Theuns Ehlers, Herman Erasmus, Marius v. Wyk, Duanne Kritzinger, Christiaan de Jongh, Coert Schnitter, Danie Botha, Emile Holtzhauzen, Elardus van der Walt, Johan Jacobs, Bernard Tomlinson*
**5de RY:** *Johan de Waals, Hendrik Mulder, Pieter Hoffman, Riaan du Toit, Lennie Cloete, Tasha Ferreira, Braam du Plessis, Hendricus de Vos, Willie Kruger, André Niewoudt, Vincent Farrell, Pieter Nel, Anton van Wyk*
**6de RY:** *Louis Wilbers, Johannes Klopper, Martin Palin, Hennie du Preez, Willie de Wet, Gideon Scheepers, Louis Hofmeyer, Anton Meyer, Hansie v. Deventer, Heino Noëth, Johan Cilliers, Sarel Cilliers, Werner Neitz.*



**Atletiek: Dogters**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Lélanie J. van Rensburg, Judy Engelbrecht, Annelie Cilliers, mnre. Booyse, Visagie, Amanda van Biljon (kapt.), mev. Malan, Annalien Strauss, Alma Kaltwasser*
**2de RY:** *Wilna Fourie, Coba Albertse, Leonie Möller, Ansie Pienaar, Lana Koen, Tina v/d Laan, Letitia Slabber, Dorette de Beer, Denise Burns, Annelie Wehmeyer, Hanli Hubee, Anneke v. Noordwyk, Estelle v. Biljon, Joanette Roets*
**3de RY:** *Heleen Bosman, Heidi Richter, Monique Nijkamp, Roxane Keeve, Sunette Snyman, Christelle Smit Jacqueline du Toit, Marissa Joubert, Sanet Marais, Dané de Wet, Dawn Gentle, Hildegard Setzkorn, Mickey Venter*
**4de RY:** *Annelie Buskes Ronél Fouche, Yvette Joubert, Louise van der Merwe, Petro Cilliers, Wimpie Liebenberg, Marinda Delport, Anna Ehlers, Charmaine van Heerden, Nicolene Marais, Jacqueline Haqueboard.*

# LANDLOOP

Die dae wat landloop as die stiefkind van sportaktiwiteite by die skool behandel is, is nou finaal verby! Die landlopers het as't ware hul pad tot in die kollig oopgehardloop!

Die kompetisie is geweldig sterk. Die skole skryf groot getalle atlete in om sodoende meer punte in te palm. Dit is dus niks buitengewoons om letterlik honderde atlete gelyk te sien wegspring nie. Vanjaar kon ons ook spog met volledige dogter- sowel as seunspanne wat aan die byeenkomste by Verwoerdburg Hoërskool, Wagpos, Tuine Tegnies en Boy's High deelgeneem het. Die swoeg en sweet van elke middag se oefening het vrugte afgewerp – Eldoraigne het sy naam hoog gehou. (Moenie mevv. Pienaar en van der Watt se aanmoediging vergeet nie!).

Ons is besonder trots op Leoni Möller en Ansie Pienaar wat Noord-Transvaalkleure verwerf het. Hulle het ook op George aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem waar Leoni 'n eerste, en Ansie 'n sewende plek behaal het. Mooi so, julle twee!

Met al die talent in ons midde kan dit in die toekoms nie anders as net goed met die Eldo-landlopers gaan nie. 1984 was maar net die begin van Eldoraigne se landloopoorwinnings!

H. Setzkorn



**Landloop**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Marissa Joubert, Leoni Möller, mevv. J. v.d. Watt, E. Pienaar, Ansie Pienaar, Sanet Marais*
**2de RY:** *Heidi Richter, Roxane Keeve, Jaco Jacobs, Eduard Arnold, Stefan v.d. Watt, Pieter Kidson, Donè de Wet, Hildegard Setzkorn*
**3de RY:** *Hans van Deventer, Duane Kritzinger, Yvette Joubert, Louise v.d. Merwe, Joanette Roets, Anton Meyer, Werner Mulder.*


# Eldopark Apteek

1 UUR FOTODIENS

PASPOORTFOTO'S PORTRETFOTO'S
TROUFOTO'S BLOKWERK

**Ons persoonlike aandag word aan elke foto gegee — daarom kry u die beste resultate.**

GRATIS FILM EN ALBUM MET ELKE FILM HIER VERWERK.




# KULTUUR



**MUSIEK**

**Aan hierdie hart se tenger kelk**
**het U getik en fyn**
**uitdeinend sing die glas**
**sy melodie van pyn.**

**U lê 'n vinger op die rand**
**wat skrynend, weerloos tril,**
**en skielik word my hart**
**se fyne smartsang stil.**

**Ernst van Heerden**



**Wenners van die Redenaarskompetisies**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mev. A. S. Brink, Hansie van Deventer (debatsvoorsitter), Hanlie Engelbrecht (sekretaresse), Harrick Snow, mev. A. Stols.*
**2de RY:** *Jacobus Venter, Magdalena van Dyk, Madeleen Smit, Zelda Bouwer, Mariaan Kriel, Deidrè Mynhardt, Hardus Snow.*

## AFRIKAANSE DEBATSVERENIGING

Wel, nog 'n jaar het ten einde gespoed, so ook die bedrywighede van die Afrikaanse Debatsvereniging. Hans van Deventer het die leisels as voorsitter gehou en Hanlie Engelbrecht is as sekretaresse benoem.

Deur die jaar is gepoog om die belangstelling te prikkel en die redenaars tot groter betrokkenheid aan te spoor. Veral ons juniors het getuig van entoesiasme en verstommende redeneringsvermoë in 'n debat teen ons buurskool Voortrekkerhoogte. 'n Interdebat is ook tussen die st. 8's en 9's gereël. Dit het tot groot opwinding gelei en gemoedere het soms hoog gevlam.

Een van die belangrikste bedrywighede die jaar was sekerlik die junior- en senior redenaarskompetisie; elke redenaar se redeneringsvermoë is tot die uiterste beproef en die senuweegogga was onsigbaar teenwoordig! Uit hierdie groep is vier leerlinge aangewys wat die skool by die Junior Rapportryers Debatskompetisie verteenwoordig het. Alhoewel hulle nie gewen het nie, het hulle as waardige ambassadeurs uit die stryd getree. Die name van Madeleen Smit en Magdalena van Dyk verdien vermelding.

Ons dank aan die onderwysers en ander betrokkenes wat hulle tyd opgeoffer het om die jaar 'n suksesvolle jaar te maak!

Debatsbestuur



**English Debating Society**
*Lisa Picard, Charl du Toit, Gerrit Velthuysen.*



**Junior Rapportryers Debatkompetisie Spanne**
*Madeleen Smit, Hanlie Engelbrecht, Harrick Snow, Magdalena van Dyk.*

## REKENAARKLUB

Die rekenaarklub het in 1984 steeds groot belangstelling geniet. Die hoeveelheid rekenaars in ouerhuise het omtrent verdubbel en klublede is besig om die BASIC-rekenaartaal en verskeie speletjies deeglik onder die knie te kry.

Ten spyte van die feesjaar-aktiwiteite wat die grootste deel van die jaar opgeëis het, het die klub 'n aantal projekte afgehandel.

'n Rekenaaraand is gewy aan die aanraakskerm van die Hewlett Pacard-rekenaar asook die nuwe Afkrikaanse BASIC wat beskikbaar is. Die klublede het ook hulle eie rekenaars saamgebring en verskeie idees en programme is uitgeruil.

'n Uitstappie na 'n rekenaarskou in Johannesburg het ook baie interessanthede opgelewer, soos rekenaars wat reageer as jy met hom praat, nuwe programme, nuwe apparaat vir die verskillende rekenaars en selfs gratis sakrekenaartjies!

Die twee rekenaars waaroor die skool beskik sal volgende jaar beskikbaar wees vir gebruik deur groepe en ook deur individuele klublede wat ledegeld betaal het. Gevorderde programme sal beskikbaar wees en kort kursusse en demonstrasies sal aangebied word in bv woordverwerking, LOGO ens.



**Skoolkoor**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Heleen Kriel, Marinda Deysel, Marinda Claassen, Marlize Coetzee, Zelda Bouwer, Immelien Uys, Dawn v. Niekerk, Amanda Ludick, Elize Trevorrow, Idalette v. Stryp, mev. R.C. Ludick.*
**2de RY:** *Marius Wehmeyer, Johan Brönner, Lucia Beneke, Anneke Maritz, Elmarie Smith, Sonja Vermeulen, Etienne Marais, Riaan v. Rensburg.*
**3de RY:** *Martin van Niekerk, Gerrit Velthuysen, Werner Vermeulen, Paula Rossouw, Nicolene Kaltwasser, William Smith, Tiaan Brönner, Harrick Snow.*



## OPERETTE

Met die operette is reeds aan die einde van 1983 afgeskop. Daar is gewik en geweeg oor 'n geskikte stuk totdat mnr. Coetzer, mev. Ludick en mej. Louwrens 'n dag lank in Johannesburg in 'n musiekwinkel uit al die moontlikhede 'n keuse moes maak en daar uiteindelik besluit is op "The Pirates of Penzance" van Gilbert en Sullivan.

Aan die begin van 1984 het die eerste organisasie-vergadering onder die bekwame leiding van mnr. Els plaasgevind. 'n Program van werksaamhede is deur mnr. Coetzer opgestel en onder mnr. Coetzer as regisseur en mev. Ludick as musiekdirektrise is begin met die grootste poging. 'n Komitee van personeel het oudisies gehou, en 'n rolverdeling is gemaak. Toe is daar begin met repetisies – Woensdagmiddae en -aande en Saterdagmiddae is vooruit gewerk en nogmaals gewerk. Toe mnr. Coetzer die onderwys bedank, is mnr. Beneke, 'n oud-personeellid en ouer, genader om die regie waar te neem. Mej. Cronjé het hom in die taak bygestaan.

Dwarsdeur die Julievakansie is volgehou met repeteer. Orkeslede is gewerf en Sondagaande is afgesonder vir orkesrepetisies. Intussen is verslag- en beplanningsvergaderings gereeld onder voorsitterskap van mnr. Els gehou.

Uiteindelik het die tyd aangebreek om met die opvoerings te begin. Op 17, 20ste en 22ste Augustus is die stuk op die planke gebring en op die 24ste, met die gala-aand, is 'n werklike hoogtepunt bereik en is die operette-tradisie by Hoërskool Eldoraigne voortgesit.

K.P. HUBÉE



**Afrikaanse Drama: "Die Koffer"**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mej. Sophie Engelbrecht, Annette Robson, mev. Poekie le Roux (regisseuse).*
**2de RY:** *Jaun Meyer, Josef Lewis, Jannie Krüger, Llewellyn Prenzler.*
**AFWESIG:** *Joanne Conroy.*

## EENBEDRYF: DIE KOFFER

Om te groot te wees vir jou skoene is een ding maar om 'n ou mens voor te stel as jy 'n energieke jongmens is, is 'n perd van 'n ander kleur! Dit het die deelnemers van vanjaar se eenbedryf "Die Koffer" vinnig agtergekom.

Ons was almal onder die indruk dat "Die Koffer" een of ander spioenasiedrama was, maar ons was wreed ontnugter toe ons besef dat dit eerder 'n drama is waar rykdom en armoede en lewe en dood mekaar kontrasteer. Die regisseuse, mev. Poekie le Roux moes haar bes lewer om aan ons te wys hoe 'n jongmens die rol van 'n volwasse moet vertolk.

Ons moes verder tot vervelens toe hoor dat dit nie "hys" is nie, maar "huis". . . Die oefening het in alle erns begin en ons het tot laat saans geoefen. Wanneer die hongerpyne begin knaag het, was mej. Engelbrecht altyd gereed met heerlike koffie of koeldrank.

Die groot aand het uiteindelik aangebreek en ons het Hoërskool Eldoraigne se naam hoog gehou alhoewel ons nie gewen het nie.

Dit was vir ons almal 'n wonderlike ondervinding en voorreg en namens die deelnemers en deelneemsters sê ek baie dankie aan mej. Engelbrecht en mev. Le Roux.

Baie voorspoed met volgende jaar se Eenbedryf.

Joanne Conroy

**English One-act play**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Martin van Niekerk, André Agenbag, Gerrit Velthuysen.*
**2de RY:** *Chris Griffiths, Marlene Oosthuysen, Annelie Riekert, Elmarie Steynberg, Willem van der Merwe.*





A.C.S.V.: **Bestuur en Kringleiers**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Minette Vari, Zelda Bouwer, mej. F. Cronjé, Werner Vermeulen (voorsitter), Charl du Toit.*
**2de RY:** *Vlok Symington, Louise von Ludwig, Yvette Joubert, Elize Trevorrow, Marianne Wessels, Nicolene Kaltwasser, William Smith.*

## SKAAK

Onder leiding van mnr. Bruwer het ons 'n suksesvolle span gehad. Alhoewel dit swakker gegaan het as die vorige jare, het ons lede dit tog geniet om die skool te verteenwoordig waar ons ook al was. Die skaak het om die een of ander rede agteruit gegaan met die gevolg dat ons nie so goed geëindig het nie. Aan die begin van die jaar het ons begin met 'n groep waarvan talle lede oorgebly het van die vorige jaar.

Later in die jaar het nog nuwe lede aangesluit, wat ons gehelp het om die basiese skuiwe baas te raak en hulle het ook gou-gou onder die eerstes geëindig. Alhoewel daar geen gebrek aan junior en standerd ag spelers was nie, was daar wel 'n tekort aan lede afkomstig uit hoër standerds.

Barclays Bank het aan ons skaakspan 'n demonstrasiebord geskenk, wat die onderwysers se taak baie vergemaklik het. Met behulp van hierdie bord wil ons nog groot hoogtes bereik in die komende jaar.

Die span wil graag aan die hele skool 'n uitnodiging rig om aan te sluit. Veral meisies, diesulkes wat nog nooit eens 'n skaakbord gesien het nie, kan gehelp word om ook deel van hierdie span, wat groot hoogtes gaan bereik, uit te maak.

Daniël Slabbert



**Mediaprefekte**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Bennie v. Biljon, Pieter Pienaar, Stemmlar Schultze, mev. E. le Roux, M,ary Ducaat, Michele Jansen, René Brown.*
**2de RY:** *Heleen Oosthuizen, Marietjie Nel, Jean-Marie de Villiers, Sanette v. Rensburg, Elzette Jordaan, Lize Mouton, Gerda Harms, Ilse Venter.*

## A.C.S.V.

Alhoewel ons nie 'n besonder groot ACSV-tak is nie, kan ons tog getuig van 'n vrugbare jaar. Ons kringleiers het die jaar begin deur 'n kursus in die vorm van 'n kamp by die Hoekie by te woon. Wat 'n wonderlike naweek! Vol ywer het ons die jaar begin.

Gedurende die jaar het ons films vertoon, video's gewys- onder andere oor popmusiek – lekker saam gesing, speletjies gespeel en sommer net oor diep dinge gesels.

Verskeie sprekers het ons kom toespreek of besprekings gelei. Een van die hooftemas van die besprekings wat ons hierdie jaar gehad het, was Verhoudings. Ds. Louw van die plaaslike NG-gemeente, Eldoraigne, het die bespreking gelei. Die eerste deel van die bespreking het gehandel oor: my verhouding met my ouers; die tweede oor my verhouding met my vriende; die derde oor die verhouding met die teenoorgestelde geslag; die laaste en belangrikste: die verhouding met my Skepper.

Ander sprekers was: Dr. Andries Gouws, wat vir ons 'n interessante praatjie gelewer het oor Satanisme; Pierre Spies oor bekering; ook Carike Keusenkamp.

Hiermee wil die bestuur ook graag vir mej. Cronjé bedank vir alles wat sy deur die jaar vir ons gedoen en beteken het.

Jes. 43:1
*"Ek het jou by jou naam geroep: Jy is myne."*
C.S.V.-groete
Nicolene Kaltwasser

## SOSIALE RAAD

Die Sosiale Raad is 'n groep leerlinge – 15 seuns en 15 dogters, wat uit die st. 9 leerlinge verkies word in 'n behoorlike stemming deur leerlinge en onderwysers. Hulle hooftaak is om die prefekte by te staan in hulle werk. Tydens funksies, sportbyeenkomste, operettes, vergaderings ensovoorts, help die Sosiale Raad met bediening, die verskaffing van verversings, verkope en vele ander take.

Hierdie jaar se Sosiale Raad het 'n besige tydjie agter die rug. Die skool se tiende verjaarsdag is by verskeie sporbyeenkomste aangebied en ook operette opgevoer. By al hierdie funksies het ons hard gewerk en dit geniet om vir ons skool te werk.

Graag wil ons die Sosiale Raad van 1985 sterkte toewens met hulle taak en wil ons die vertroue uitspreek dat die Sosiale Raad 'n al groter rol in die skoollewe sal speel en so aan elke leerling die geleentheid bied om sy talente te ontgin en 'n diens aan die skool en mede-leerlinge te lewer.

Sterkte! Onthou: aanhouer wen.

Willie Kruger



**Voortrekkerseuns (Bakenkop)**
**VOOR (v.l.n.r.):** *P. Grobler, M. Schürmann, A. Geldenhuys, A. Büermann, S. Celliers, J. Klopper, J. Celliers, A. Hanekom, G. Scheepers.*
**2de RY:** *E. Smuts, F. Straus, J.W. Lubbinge, P. Arend, P. Opperman, S. Foordt, S. v/d Watt, N. Olwage, H. Haquebord, W. Gouws.*
**3de RY:** *L. Straus, A. Immelman, K. Serfontein, H. Gouws, B. Bekker, W. Vogler, L. Lourens, B. v. Viljon, M. van Rooyen, J. Els, F. Smit.*
**4de RY:** *F. Fourie, W. v/d Merwe, W. Lindeque, J. Venter, M. Wehmeyer, R. Breytenbach, R. de Wet, A. Slabbert, L. van Donkersgoed, B. Lamprecht, F. Els, P. Reyneke.*
**5de RY:** *M. Fouche, D. Britz, H. de Vos, L. Hofmeyer, D.C. Bezuidenhout, B. de Haast, B. v/d Merwe, Bischof, S. Biddulph, W. Lubbinge, C. Venter, S. v/d Merwe.*
**6de RY:** *R. v/d Spek, F. de Lange, T. Kastermans, H. Noëth, A. Smuts, M. Els, C. Jacobs, C. Watson, S. Snyman, Leonard Smith.*



## VOORTREKKERS: BAKENKOP KOMMANDO

Bakenkop Kommando het weer hierdie jaar lekker saamgewerk en gespeel, en groot hoogtes bereik met sy amper 200 verkenners.

Van die openingsfunksie by Rooihuiskraal tot gebiedskampe vir st. 6-matriek, 'n fees van 'n kommandokamp, 'n kaskarreisies en 'n sokkiejol het ons reg deur die jaar baie pret gehad.

Voortrekkers is egter nie net speletjies nie, en elke verkenner en offisier het ook gedurende hierdie jaar baie hard gewerk. Afgesien van al die kentekens wat verwerf is deur die verkenners, en kursusse wat offisiere bygewoon het, kan Bakenkop ook nog spog met 9 Hoofleierswagte en 'n presidentsverkenner.

Namens die matrieks: Baie dankie vir al die lekker swaarkry en lekkerkry wat ons met julle kon deel en sterkte aan elke Bakenkopper met sy Voortekkerloopbaan. Onthou altyd: HOU KOERS!

Voortrekkergroete
Sarel en Sophia



**Voortrekkers: Meisies — Bakenkop**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Karen Kriel, Liezl Vogler, Jolize Liebenberg, Erika Braach, Sophia Bezuidenhout, Ancri Barnard, Lindy Murphy, Amanda v. Biljon, Carla Meyer.*
**2de RY:** *Sarita Potgieter, Linda Louw, Janine Basson, Yvette Buerman, Carina v. Rooyen, Annelie Wehmeyer, Madeleen Smit, Lizel Joubert, Ansie Pienaar, Sandra Kasterman, Mellisa Slabber, Mariaan Badenhorst, Rita du Preez, Karen Steyn.*
**3de RY:** *Elane Brits, Wimpie Liebenberg, Alicia Bischoff, Rochèlle Grobler, Ermyn Hugo, Vedré Bekker, Zurika Schultze, Estelle v. Biljon, Anneke v. Noordwyk, Karien Joubert, Liza Brown, Jacquelene v.d. Waals, Minke Smit, Deidré Mynhardt, Heidi Richter.*
**4de RY:** *Alma Kaltwasser, Annelien Straus, Marinda v. Huysteen, Estelle le Roux, Janie Lubbinge, Sonja Smith, Magdel Scheepers, Anja Pieters.*
**5de RY:** *Angelique Jacobs, Suria Loubscher, Leana de Jongh, Elmarie Badenhorst, Petro Celliers, Hannelie Klopper, Lucia Beneke, Selma Pieters, Fredri v. Donkersgoed, Heila Pretorius, Annelie Cilliers, Judy Engelbrecht, Mart-Marie Bothma, Miekie Venter.*
**6de RY:** *Anneke v.d. Merwe, Linda Greyling, Eileen Johnson, Carla du Preez, Yolanda Smit, Lizel v. Vuuren, Nicolène Kaltwasser.*

32



**Voortrekkers SYTZE WIERDA**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Jaun Meyer, Martin Palin, Jolene Kroukamp, Sunette Janse van Rensburg, Mary Du-Caat, Luallen Prenster, Willie Kruger.*
**2de RY:** *Antoinette v. Buuren, Soné Venter, Wanda Messerschmidt, Pieter de Villiers, Ian Liebenberg, Hans-Dieter Paetzold, Louise Lombard, Anna-Therese Theart, Chrizanda Pieterse.*
**3de RY:** *Karien Ebersöhn, Esmeralda Marais, Koba Albertse, Ilse van Zyl, Eleanor Visser, Alma Meyer, Karen Coetzee, Christiene Janse van Rensburg, Janel Meyer, Anika Prensler.*
**4de RY:** *Alfred Paetzold, Nicky Softmann, Hennie Kroukamp, Corné Coetzee, Louise Snyman, Erica van Huyssteen, Martin Erasmus, Jan Kruger, Willem Messerschmidt.*

## BESTUURSKOMPETISIE

Eldoraigne neem die afgelope klompie jare deel aan 'n bestuurskompetisie wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde rekenmeesters aangebied word, en waarin leerlinge aan die ingewikkeldheid van die hedendaagse sakewêreld bekend gestel word.

'n Groep leerlinge in elke skool word aangestel as die bestuurders van 'n denkbeeldige maatskappy waar produkte, in mededinging met 4 ander skole, bemark word.

Daar word sekere besluite deur die span geneem met inagname van die moontlike optredes van die ander 4 kompeterende spanne. Die beslissings word dan ingestuur en deur die rekenaar verwerk. Die resultaat verkry, dui die netto wins aan wat deur die maatskappy bereik is. Die doelwit is telkens om die hoop moontlike nettowins te bereik.

Ons span het hierdie jaar weer deurgedring tot die kwarteindrondte, en ons is baie trots daarop.

Ons hoop dat volgende jaar se span die kompetisie net so interessant en leersaam sal vind en dat hulle Eldoraigne se naam hoog sal hou.

Sophia Bezuidenhout



**Bestuurskompetisie**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Frans Greyvenstein, mev. L. van Pletsen, Chris Joubert.*
**2de RY:** *Irma Rossouw, Sanet Gouws.*
**AFWESIG:** *Christiaan Orban, Carla du Preez, Sophia Bezuidenhout.*

## SYTZE WIERDA VOORTREKKER KOMMANDO

Hierdie kommando het 'n baie suksesvolle jaar gehad. Daar was aktiwiteite soos 'n Verkennerkamp by die Hartbeesjeugterrein in Junie en deelname aan die Vlotvaart; CQ Hou Koers, waar ons drie radio-amateurs gehad het, wat kon help om die Hoofleierboodskap op te vang sodat ons daarna kon luister. Ons het deelgeneem aan die Verkennerskonferensie, Kerkparades en 'n fakkelloop en het ook diens gelewer by verskeie funksies.

Uit ons standerd 10's is daar twee hoofleierwagte gekies en een is genooi Presidentsverkennerskamp toe. Een van die dogters was ook deel van die Veldgroep by Kruisrivier-Selfbehoudkamp.

Die standerd 9's het die selfbehoudkamp bygewoon en is almal gekeur vir die keurkamp. Hulle het ook deelgeneem aan die kaskarreisies wat deur Bakenkop gehou is.

Die standerd 8's het aan 'n staptoer Oos-Transvaal toe deelgeneem en die st. 7's was by die Veldwerkkamp en Waterwerkkamp betrokke.

Die standerd sessies in ons kommando was op 'n fietstoer en uit die vier vlotte wat ingestuur is na die Vlotvaart toe, het één die siervlotkompetisie gewen.

Die heel jongstes in die Verkennerkorps, die standerd 5's, het die ander vier-en-dertig standerd 5-meisiespanne in die stof laat byt toe hulle die kompetisiekamp gewen het.

Dit was maar net 'n paar van die uitstaande dinge wat hierdie jaar in ons kommando gebeur het.

Erica en Martin



# VOLKSPELE

**Soetdoring Volkspele-Laer**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Neef van Biljon (laer leier), Hennie Croucamp, Jolene Croucamp, Corné Piek, Liza Brown, Leon Lourens, Niggie van Viljon (leidster).*
**2de RY:** *Ben van Biljon, Elana Kruger, René Riddiek, Lize Mouton, Heleen Oosthuizen, Corra van Biljon.*
**3de RY:** *Heinrich Wait, Pierre Grobler, Christelle Wait, Erika Geyser, Jurgens Prinsloo, Andre Niewoudt.*
**Afwesig:** *Robert van der Spek, Rodney Wessels, Hannelie Klopper.*



Dit was 'n baie geseënde jaar wat die Volkspele betref. Daar is 30 geregistreerde lede in Soetdoringlaer onder leiding van mnr. en mev. van Biljon.

Op 5 Mei was daar 'n feesdag by ons skool. Ons was verantwoordelik vir ± 2500 pannekoeke en koeldrank. Die aand het ons 'n groot saamtrek saam met Kapperjol-Senior laer gehad. Ons self het tientalle ander saamtrekke bygewoon en die kilometers staan op 2 175 km wat ons al afgelê het. Ons kan net ons Hemelse Vader wat die onsigbare passasier was in elke motor, opreg bedank.

Daar was die 15de tot die 16de Junie 'n marathon wat 9 van ons lede bygewoon het. Ons het 24 uur aanmekaar gespeel en al 9 van ons lede het dit voltooi. Ons het 'n bedrag van R739.45 vir die Transvaalse komitee vir Volksang en Volkspele ingesamel deur middel van borglyste.

Vyf van ons lede was Pellissierweekkeuring toe in Springs. Twee was suksesvol en het saam met ander 70 uit die bestes van ons land, 13 niggies en 12 neefs van Transvaal, die week op Riversdal gaan geniet.

Twee lede het April in die buiteland saam met 46 ander Volkspelers ons land verteenwoordig en 7 lande besoek.

Ons het 2 kort kursusse bygewoon. Een het Soetdoring aangebied in ons skoolsaal. Neef Hansie le Roux was die leier. Die ander kursus is in Balfour aangebied deur niggie Bredenham van Bloemfontein.

Ons het aan die Verwoerdburgse kunswedstryd deelgeneem en 'n medalje en 'n goue diploma verwerf.

Ons wil vir die dames wat ons op die klavier begelei het baie dankie sê vir hul groot hulp. Hulle is mevv. Alma Kaltwasser, Keitie van Rooyen, Martie Joubert en Sophia du Preea.

Ons laer het na buite beweeg en saam met die Rapportryerskorps vir die Seniorburgers vertoning gelewer en 'n plaaslike ouetehuis besoek.

Vir 1985 is daar weer groot dinge beplan. Ons saamtrek is D.V. 8 Maart 1985. Daar is 'n kursus in Potchefstroom en nog vele ander gebeurlikhede. Ons nooi enige belangstellendes om 1985, as Jeugjaar, tot groot hoogtes te lei.

"Sing, speel en strewe gaan met die Volkspelers van Suid-Afrika! Manne met Trekkersbloed, vroue met Trekkersmoeddan bly ons Volk gespaar".

Laastens, baie dankie aan die belangrikste persone, Oom Pieter en Tannie Johanna.

Jolene Craucamp



## H.M.J. HORN

**Marathon**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Jolene Croucamp, Ben van Biljon, Heleen Oosthuizen.*
**2de RY:** *Mnr. Van Biljon (laer leier), Elana Kruger, Lize Mouton, mev. Van Biljon (laer leidster).*
**3de RY:** *Christelle Wait, Heinrich Wait, Erika Geyser.*



## VOLKSPELE: PELLISIERWEEK

Vir die derde agtereenvolgende jaar is die Pellisierweek gehou, maar dié keer in Riversdal in die Kaapprovinsie.

Op 19 Mei 1984 is die keuring gehou te Springs waar daar ± veertig pare verteenwoordig was van die hele Transvaal. Na die hele Saterdag se speel is uiteindelik dertien neefs en veertien niggies gekies. Van Soetdoringlaer is daar twee lede gekies nl. Joleen Croucamp en Bennie van Biljon.

Die Transvaalse groep vertrek die 14de Julie per bus vanaf Johannesburg na Riversdal. Na omtrent twee dae se reis gewaar ons die "slapende skoonheid" – 'n bergreeks.

In Riversdal gaan ons tuis in die Oakdale Landbouskool waar nog ander volkspelers van reg oor die land saam kuier. Altesaam 40 pare van die hele Republiek en Suid-Wes Afrika. Die hele week word daar gespeel en geleer onder die leiding van Nig Bettie Niehaus. Daar word nie net volkspele gespeel nie, maar ons luister ook na praatjies oor bv. "Popmusiek en die Jongmens", "Leierskap", "Roeping en taak van die Afrikaner Jeug" en vele meer. Ons ontspan ook deur dan lekker saam te sing. Gou breek die einde aan en ons is op pad terug. Op Oudtshoorn gaan ons by die volstruisplaas aan. Op Sondag, 22 Julie 1984, om 07h00 arriveer ons in Johannesburg.

Bennie van Biljon: Laerleier



**Pellissier-Week**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mnr. Visagie, Zurika Schultze, Jolene Croucamp, mnr. Ehlers*
**2de RY:** *Mnr. Van Biljon, Stemmlar Schultze, Ben van Biljon, mev. Van Biljon.*

## JUNIOR OORSESE VOLKSPELETOER

Op 13 Mei 1983 is die keuring te Bloemfontein in die OVS gehou waartydens twintig neefs en twintig niggies gekies is. Twee lede van Soetdoring-laer is ook gekies nl. D.C. Bezuidenhout en Bennie van Biljon.

Op 5 April 1984, het die groep te Balfour, Transvaal bymekaar gekom om hul voor te berei vir die toer. Op 10 April 1984 om 16h15 vertrek ons van Jan Smutslughawe, en na bykans 20 uur se vlug land ons uiteindelik in Brussel, die hoofstad van België. Van die 11de tot die 15de April is ons in België en besoek die volgende dorpe nl. Aals, Sint-Niklaas, Antwerpen, Kemgeke en Gent en Brugge.

Die 16de vertrek ons na Switzerland, deur Frankryk. In Switzerland word ons begroet deur sneeu en vertoef ons in die dorpie Buochs. Vanaf die 20ste tot die 24ste April, het ons in 'n jeugherberg in Tolmezzt, Italië, tuisgegaan. Ons besoek ook die "waterstraatstad", Venesië. Die 24ste tot die 28ste April het ons in Oostenryk rondgery in die omgewing van Wenen. Ons besoek ook paleis Schünbron van die moeder van Marie-Antoinette. Die 29ste Spril vertrek ons na Duitsland waar ons aan 'n optog deelneem in Passau. In Stuttgart besoek ons die Daimler-Benz-museum.

Die hoogtepunt van die toer was egter met die optrede in Holland waar ons die "Rosestok" ontvang asook 'n "Klome Poort". Laasgenoemde word gedoen deur een van die klompe uit te trek en dan 'n poort te vorm. Laaste, maar nie die minste nie, besoek ons Skotland en Eidenburg, waarna ons terugkeer na sonnige Suid-Afrika.

Bennie van Biljon: Laerleier

**Junior Oorsese Toer**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mnr Visagie, Stemmlar Schultze, Zurika Schultze, Ben van Biljon, mnr. Ehlers.*
**2de RY:** *Mnr. Van Biljon, D.C. Bezuidenhout, mev. Van Biljon.*





## DIE KADETORKES

Alhoewel ons nog heelwat probleme het om geskikte en voldoende oefentye te vind, het die kadetorkes goed gevorder gedurende die jaar. Ons het 'n geslaagde parade gehad om Krugerdag te vier asook 'n inspeksie parade waartydens Brig. Moller die kadette inspekteer het en sy tevredenheid uitgespreek het.

Ook tydens die jaarlikse bivak vir kadette wat vanjaar veral toegespits was daarop om leiers in die kadetkorps uit te wys en op te lei, het die lede van die orkes hulle goed van hulle taak gekwyt.

**Kadetorkes**
**VOOR (v.l.n.r.):** *A. Breytenbach (sers.), M. du Preez (sers.), A. Agenbach (sers. maj.), A. Moller (luit.), L. Smith, K. Serfontein (sers.), D. Burger (S. sers.)*
**2de RY:** *J. du Plessis, B. van Biljon, G. Raubenheimer, J. du Preez, R. Breytenbach, P. Maartens*
**3de RY:** *H. Wait, D. Malherbe, C. Botha, R. du Toit, A. du Preez.*



## PRESTIGE DRILPELOTON

Van smôrens 06h45 het die peloton ryp getrap dat dit kraak. Al dié bloedsweet was egter ter voorbereiding van die drilkompetisie te Hoërskool Tuine.

Die standaard by die kompetisie was uiters hoog, en ons kan trots wees met wat ons bereik het gedurende die jaar. Hierdie jaar was vir die peloton 'n voorbereiding vir volgende jaar waarin ons hoop om ten minste onder die eerste drie te eindig.

Ongelukkig is die bivak as gevolg van die instrukteurskursus afgestel. Dit het nogtans nie afbreuk gedoen aan die wonderlike gees wat daar onderling geheers het nie. Ons wat graag vir Luit. v.d. Berg en R.S.M. Oosthuizen bedank vir hul onbaatsugtige diens aan die peloton.

Ek vertrou dat daar op die goeie samewerking wat daar tussen die kadette en offisiere bestaan het, voortgebou sal word in die komende jare.

A. Nieuwoudt



## DIE DOGTERS PRESTIGE-DRILPELOTON

Vir die lede daarvan het die dogtersdrilpeloton net een assosiasie . . . oefen! Oefen met streng dissipline as hoofvereiste. Dit is sowaar nie speletjies nie – eerder sweet en trane – maar die bevrediging wat mens uit 'n foutlose beweging put is oorgenoeg beloning!

Almal het aanvanklik nie besef waarvoor hulle hulself ingelaat het nie. Dié drillery het vele onaangename gevolge, soos rugpyn, pynlike knieë en lam bene tot gevolg gehad. Dit was egter net 'n kwessie van drilfiks word. Dit beteken natuurlik fisies en geestelik, want motivering is die wagwoord vir sukses.

Die vroeg-oggend oefenry, was beslis nie 'n piekniek nie en die weersomstandighede het gewissel van onder vriespunt tot stormsterk winde! Die grootste kopseer was voorwaar die barette wat nie juis vir 'n meisie

**Kadet-pelotonleiers**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Johan Liebertrau, Leon Howell, André Agenburg, Charl du Toit, Werner Vermeulen.*
**2de RY:** *Mnr. Ehlers, Pieter Reyneke, Maarten Fouché, D.C. Bezuidenhout, Alfred Paetzold, Pieter Kidson, Gerrit Velthuysen, Carel Venter, Martin Palin*
**3de RY:** *Fanie Fourie, Vlok Symington, Hendrik Albertse, Wouter Fourie, Harrick Snow, Wessel Roets, Hans van Deventer, Johan van Niekerk*



**Prestige Dril-peloton**
**VOOR (v.l.n.r.):** *F. Martins, H. Mulder, A. Niewoudt, mnr. v/d Berg, M. Botha, V. Farrell, D. Terblanche*
**2de RY:** *T. Fourie, A. Slabbert, W. Lindeque, D. Botha, L. Vari, D. Botha, W. Friebus, M. Smuts, L. Cloete*
**3de RY:** *P. Nel, G. v. Rensburg, W. van Rensburg, D. Krizinger, T. Ehlers, P. du Plessis, A. Ackerman, M. Marais*
**4de RY:** *A. Potgieter, W. Mulder, A. v. Wyk, J. v/d Waals.*

**Dogters Prestigedrilpeloton**
**VOOR (v.l.n.r.):** *Mariaan Badenhorst, Sarita Potgieter, Deidre Nel, mev. M. de Lange, Yvette Büermann, Lana Koen, Esmeralda Marais*
**2de RY:** *Roxane Keeve, Heidi Richter, Adriana Geyser, Lizel Vogler, Michelle Orban, Tanja van der Craght, Deidre Mynhardt, Jonita Coetzee, Heila Pretorius*
**3de RY:** *Laetitia Rust, Leana de Jongh, Annelie Riekert, Zelda Bouwer, Louise Mynhardt, Elmarie Badenhorst, Antoinette Snyman, Lizel Janse van Vuuren*
**AFWESIG:** *A. van Biljon, C. le Roux.*



se kop en hare ontwerp is nie. Ons het slapelose nagte (en oggende) gehad om hulle behoorlik op ons onwillige koppe te laat pas, maar op die ou end het ons tóg maar soos 'n spul natgelekte hoenders gelyk . . .

Eindelik was ons afgerond en het die kompetisie aangebreek. Ons was soos senuweeagtige resiesperde voor 'n belangrike wedren. Die kompetisie het bestaan uit 'n inspeksie en daarna die uitvoer van voorgeskrewe bewegings. Dit het, wat ons betref, baie goed gegaan en ons het 'n algehele vyfde plek verower.

Ons is baie dank verskuldig aan mev. De Lange, wat net soos ons, haar pouses en oggende moes opoffer vir die verdienstelike saak en ons sien uit na nog 'n jaar van vroulike links, regs, links, regs . . .

Leana de Jongh

## VAN DIE REDAKTRISE

- Baie dankie aan almal wat 'n aandeel in hierdie jaarblad gehad het: ons dink veral aan die tiksters, die fotograaf, adverteerders, borge en donateurs.
- Dankie aan ons pragtige leerlinge: as julle nie daar was nie, was dié jaarblad ook nie daar nie.
- Dankie aan 'n baie flukse en entoesiastiese redaksie.
- Dankie, Mnr. Visagie, dat ons die aktiwiteite van ons skool só kan vergestalt, vir uithaal en lees báie jare hierna . . .

*Hartlike en opregte dank*
*aan die drukkers*
**WENTZEL COETZER**
*vir hul aandeel*
*in hierdie blad.*



# SKIETKUNS

Die afgelope jaar is daar gereeld smiddae deur die skietspanne geoefen. Die juniorskietspan het Maandagmiddae onder die wakende oog van mnr. Bruwer geoefen. Hierdie groepie st 8-leerlinge was vasberade om te verbeter op hulle gemiddeld van verlede jaar. Die seniorskietspan onder mnr. Grobler se toesig het Woensdagmiddae geoefen. Hierdie span het hoofsaaklik uit matriekleerlinge bestaan.

Die feit dat die skool ingewillig het om die skietspanne se toerusting aan te vul, het die skietspanne verbly. Die aankope van teleskope en skietbelde het bygedra tot die verbetering van die standaard van die skietkuns.

Die nuwe 50-meter kompetisie het groot belangstelling gewek. Na 'n onderlinge kompetisie, is Pieter Pienaar, Heinrich Strauss, Bertus Bezuidenhout en Ockert Pennells as die skool se verteenwoordigers by dié kompetisie aangewys. Alhoewel hulle nie gewen het nie, het hulle beslis die skool se naam hoog gehou.

Op Saterdag, 18 Augustus, het die hoogtepunt van die jaar aangebreek: die kadetkompetisie! Die kompetisie vir skietkuns is by die Suid-Afrikaanse Polisiekollege aangebied. Elke span het bestaan uit ses lede.

**Die senior span was:** Bertus Bezuidenhout, Heinrich Strauss, Arrie Meiring, Marius Els, Ockert Pennells en Renier Meyer.

**Die junior span was:** Pieter Pienaar, Francois Smit, Andries van Schalkwyk, Werner Lubbinge, Gert Peach en Markus Maree.

Onder die seniors het Heinrich Strauss die beste presteer met 'n gemiddeld van 91%. Die junior wat die beste presteer het, was Pieter Pienaar met 'n gemiddeld van 90%.

Die skietspanne het beslis verbeter die afgelope jaar en ons sien uit na volgende jaar se kompetisies.



**Senior Skietspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *H. Strauss, mnr. M. Bester, O. Pennells*
**2de RY:** *B. Bezuidenhout, M. Els, R. Meyer, C. Jacobs.*



**Junior Skietspan**
**VOOR (v.l.n.r.):** *F. Smit, W. Luhkinge, mnr. M. Bester, G. Reach, A. v. Schalkwyk*
**2de RY:** *P. Pienaar, M. Maree, r. Bruwer, L. Prenzler.*

**JOHAN DU BRUYN**

# OPERETTE PIRATES OF PENZANCE






















*Stel u belang in*

*'n Huisie* *of . . .*



*'n Wolkekrabber?*



**Ons sal bou na u wense!!!**

**Skakel:** 68902 (alle ure)
Protea Bemarking (Edms) Bpk.
Posbus 12267
Clubview
0014

VIR AL U AANBOUINGS, NUWE HUISE, FABRIEKE, WOONSTELLE EN KONSTRUKSIEWERK.

**ONS BOU OM TE HOU VIR DIE TOEKOMS!!!!**



# TALE



**"Fyn en silwer woorde**
**ryg ek een vir een**
**op die yle drade**
**van my droom . . ."**

**(N.P. v. Wyk Louw)**

# Nog 'n eerste van Saambou

# Die pakkie wat elke Dienspligtige graag wil oopmaak




Open 'n nuwe Diensplig Bonusrekening by Saambou Nasionaal en kry pleks van slegs 'n spaarrekening, 'n volledige finansiële pakket.

Hierdie unieke rekening is die enigste in sy soort en is spesiaal ontwerp om in die besondere finansiële behoeftes van Dienspligtiges te voorsien.

**Saambou Nasionaal se Diensplig Bonusrekening bied:**

- 5,5% Rente op minimum maandelikse saldo.
- 'n Bonus van 3%, terugwerkend vanaf datum waarop rekening geopen is, aan die einde van dienspligtydperk. Bonusse word op vertoon van die uitklaarsertifikaat aan die einde van die dienstydperk betaal.
- Aftrekorders en tjeks vryelik beskikbaar.
- Gratis lewensdekking tot 'n maksimum van R5 000, bereken op 'n rand-vir-rand-grondslag volgens die saldo in die rekening, met 'n minimum dekking van R1 000 ongeag die saldo op die rekening.
- 'n Gewaarborgde huislening indien die volle bedrag in die rekening na voltooiing van diensplig na 'n Huiseienaarspaarplan oorgedra word en vir 'n verdere twee jaar volgehou word. Die normale wetlike voorskrifte ten opsigte van huislenings moet nagekom word.

**Diensplig Bonusrekening. 'n Moet vir elke dienspligtige.**

**Saambou**
Nasionale Bouvereniging
Kom groei saam met jou geldvriend

KMP COMPTON 11764




## WIE DIE DEUTSCHEN FEIERN!

Wenn man wissen will, wie wirklich zu feiern, fröhlich zu sein, dann geht man zu den Deutschen. Sie wissen genau wie!

Sie fangen schon früh im Jahre an: am 1 Januar werden die Kirchenglocken geläutet und alle brennen Feuerwerke.

Danach ist es Fasching. Alle sind fröhlich und heiter. Das macht wirklich Spass. Die Schüler, und auch manche Erwachsenen, verkleiden sich. Jeder versucht anders auszusehen, z.B. wie ein Cowboy, ein Räuber oder wie ein Indianer. Dann essen sie viele Krapfen und alle sind sehr lustig.

Wenn Oktober kommt, sind alle aufgeregt, denn das Oktoberfest ist nahe! Jeder geniesst sich und darauf wird getrunken — viel getrunken! Sie trinken jedes Mal nur Bier. Während dieses Festes werden gewöhnlich einige Millionen Liter Bier getrunken.

Weihnachten! Einige Tannenzweigen werden gesammelt. Ein Kranz, mit vier Kerzen drauf, wird gemacht. Vier Wochen vor Weinachten wird der erste Advent gefeiert. Die erste Kerze wird jenen Abend angezündet. Jede Woche wird die nächste Kerze auch angezündet, bis Weihnachten. Den 24. Dezember, Heiligabend, werden alle zusammengerufen und die ganze Familie sitzt um den Weihnachtsbaum. Der Baum ist schon lange vor Weihnachten im Geheim gekauft und geschmückt worden.

Am 25. Dezember ist es Weinachten. Die Familie geht erst zur Kirche und versammelt sich danach wieder um den Weihnacthsbaum. Öfters kommen einige Gruppen Kinder herum und singen Weihnachtslieder.

Ich glaube, wir können bestimmt viel von den Deutschen lernen — vor allem, wie wirklich fröhlich zu sein. Wenn sie etwas tun, dann tun sie es tüchtig!

Alfred Paetzold St. 9/4

## ALLEIN ZU HAUSE

Es ist dunkel. Ich bin allein zu Hause. Ich schalte das Radio an. Ein Mörder? Hier, in unserer Umgebung? Ich will nicht weiter hören. Ich schalte das Radio aus. Warum ist alles so still? Warum zittern meine Hände so?

Schnell sehe ich nach. Die Türen und Fenster sind geschlossen. Ich ziehe die Gardinen zu.

Plötzlich klopft es. Es kann noch nicht die Eltern sein. Ich bewege mich nicht. Es klopft wieder, dringender. Ich weiss weder aus noch ein.

Fusstritte! Wo ist er jetzt? Das Telefon? Ich muss die Polizei verständigen. Ich hebe den Hörer ab. Klein Laut! Keine Verbindung!

Dann höre ich es. Irgendwo im Haus bricht Glas — Der Mörder ist im Haus!

Ich renne in mein Schlafzimmer, werfe die Tür zu, versuche mit meinem Körper die Tür zuzudrücken.

Fusstritte nähern sich langsam, ruhig. Ich schreie. Die Türklinge bewegt sich. Ein leichter Druck und die Tür öffnet sich . . .

Mari Korff St. 10/7

## OSTERN UND DIE WAHRHEIT ÜBER DEN OSTERHASEN

*"Ich schenke dir ein Osterei*
*aus lauter Lieb and lauter Treu*
*und geht das Ei entzwei*
*ist die Liebe vorbei."*

Etwa 60 Millionen Schokoladen — Osterhasen werden jedes Jahr in der Bundesrepublik "geboren"! Wer legt die schönen Ostereier? Ein Spezialist, der Osterhase! Leider kann man ihn nicht bei der Arbeit sehen, aber die meisten Eier sehen aus, wie Comic-Strip-Figuren, und haben Kleider aus bunter Metallfolie.

Die meisten Hasen werden für Kinder gekauft. Die Hasen bekommen ein Nest mit grünem Papier-Gras. Die Eltern verstecken das Nest und einige Ostereier im Garten oder in der Wohnung. Die Kinder müssen dann suchen. Manche Osterhasen werden erst später gefunden, weil die Eltern das Versteck vergessen haben.

Das grösste Osterei der Welt legte ein Millionär aus Südafrika seiner Tochter ins Nest. Das Ei war 2,80 Meter hoch und mehr als eine Tonne schwer!

Osterhasen aus der Schokoladenfabrik ist nicht ein Kunstwerk. Die selbst bemalten Ostereier sind schöner. Ausserdem haben alle Farben und Muster eine besondere Bedeutung . . .

Guten Appetit!
Bron: Jugendscala März 1983.
Erika Nöthling St. 9/2

## FRANS – 'N VEREISTE

Frans? Wat is dit en waarom het ek dit as vak nodig? Dit is die kommunikasiemiddel van die inwoners van Frankryk en die talle Frankofoniese lande wat gedurende oorloë deur Frankryk verower is. Behalwe vir die feit dat Frans 'n romantiese taal is, is dit ook 'n internasionale taal. Kommunikasie sal altyd die een onuitwisbare kenmerk van die mensdom bly en watter taal is nou mooier as Frans?

Dit is altyd belangrik om 'n derde taal te vermag, want daardeur word jou lewensuitkyk verbreed en lig gewerp on nuwe horisonne. Deur jou Franse studies, doen jy ook historiese kennis van jou voorouers, wat hulle in Suid-Afrika gevestig het, op. Hiervan is name soos "de Villiers", "Du Toit", "Theron", "Viljoen", "Lagrange" en "Du Plessis" 'n goeie bewys. En wat van plekname soos "Val de Grâce", "La Montagne", "Les Marais" en vele ander?

Die Franse taal is ook belangrik op kultuur- en beroepsgebiede. Die Franse handel en tegnologie staan stewig op ons bodem geplant: Koeberg, La Haute Couture Francaise, Christian Dior, Yves St. Laurent, Cardin, om maar enkele voorbeelde te noem. Ook op die gebied van vermaak speel Frans 'n rol. Franse funksies en kultuurverenigings vind algemeen in Suid-Afrika plaas. En wie sal nou nie 'n vakansie aan die suidkus van Frankryk, Mauritius of die Seychelles geniet nie?

Dames, na dese is Frans 'n vereiste sodat geen misverstande kan ontstaan tussen jou en daardie lang, donker, dinamiese Fransman wat jy op die wit strande gaan ontmoet nie.

Is jy onseker oor jou toekoms? Stel jy belang in mense of tale? Daar bestaan baie beroepsmoontlikhede: toerisme, lugdiens, onderwys, diplomatieke diens, modewêreld, kosmetiek, vertaaldienste en vele meer. Deur Frans kan jou mensekennis, jou selfkennis en jou beroepsbevoegdheid slegs verbeter.

Renè Heydenrych St. 10/3

## POISSON D'AVRIL

Quand on est né le premier avril, les amis lui font un poisson d'avril chaque fois qu'on a un anniversaire. Mais c'est la plupart du temps quand on est vraiment stupide. Comme l'histoire de Lorette de Lenoir.

Lorette est née le premier avril. Elle est un peu stupide, mais pas toujours. La veille était son anniversaire. Quelqu'un lui a envoyé un bouquet de roses rouges. Le bouquet n'est pas accompagné par une carte. Maintenant à l'age de quarante-trois ans et toujours sans mari, Lorette s'est crue qu'un homme est amoureux d'elle. "Cet homme doit être quelque part dans ma vie" elle croit. Partout où elle est allée, elle a sourit, elle a applié de rouge à lèvres, elle s'est habillée très élégante. Elle aussi s'abstenait de fumer.

Chaque fois quand le téléphone a sonné, elle a sauté vivement à repondre. (Le téléphone a sonné seulement une ou deux fois par jour). Cette fois, c'est son amie, Hélène. "Tu as recu mon bouquet, n'est-ce pas?" dit-elle.

"Tôn bouquet?" dit Lorette stupéfaite.

"Mais, bien sûr! Ne l'as tu pas trouvé joli?"

"Mais oui, merci baucoup, c'est tres gentil à toi".

La pauvre Lorette, elle était très desolue. Mais que voulez-vous? Elle est née le premier avril!

Pierrette Grobler St. 9/2

## LA FIÈVRE DE PTINTEMPTS

*Joyeusement*
*Heureusement*
*C'est de nouveau printemps.*

*Les champs et les herbes*
*deviennent vertes.*
*Des fruitiers sont en fleurs:*
*Roses blanches, comme des anges.*

*Danse!*
*Chante!*
*Souri!*
*Printemps est ici . . .*

Elzona Koch St. 8/3

WIERDAPARK MANSHAARKAPPERS

"Stop-a-Shop"-sentrum

H/v Hendrik- en Theuns van Niekerkstraat
WIERDAPARK
**Tel. 64-3994**

*Met Komplimente van*

**Wierdapark Apteek**

**Tel. 64-1623**

**Ons neem Paspoortfoto's**




## LE QUATORZE JUILLET

C'est le quatorze juillet. C'est un jour de fête. C'est un jour nationale de France. Tout le monde est heureux.

Au jour du quatorze juillet 1789 les Parisiens ont detruit la bastille qui était symbole de soumission. Il l'ont detruite et ont construit un pont avec les pierres.

Le quatorze juillet c'est la fête et tout le monde est joyeux. Il y a un défilé militaire dans les Champs Elysées. En tête du défilé il y a le president de la France. Il donne un discours après le défilé et le drapeau de la France vague sous l'Arc de triomph. Six avions passent, deux rouges, deux blancs et deux bleus. Ce sont les couleurs du drapeau francais.

Parce que c'est l'été et il fait chaud tout le monde est dans les rues et chante et danse heureusement.

Barend van der Merwe St. 6

## LE 14 JUILLET

Le 14 juillet est la date de la fête nationale de France. Cette fête commémore la prise de la Bastille — l'anniversaire d'ne révolution politique. Ce jour-là, le drapeau tricolore flotte au-dessus tous les monuments: le blanc, couleur du roi entre le bleu et le rouge, couleurs de Paris. Les couleurs de Paris symbolisent à l'origine l'union de la royanté et du peuple.

Au jour de la fête nationale, il y a des défilés et des fanfares dans toutes les villes. Le Soir, il y a des bals organisés sur les places publiques. On tire des feux d'artifice, mais pas dans les jardins — la ville les organise.

Vive la France!

Martin van Niekerk St. 9/7

## NOORD-SOTHO

Dumelang Babadi!

Omdat ons in 'n feestelike stemming verkeer aangesien ons skool sy tiende bestaansjaar herdenk, skakel die Noord-Sotho departement in daarby deur so 'n ietsie van die swartmense se feesviering te vertel.

In die besonder wil ons van hulle stamskole vertel. In die nasionale state woon al die seuns hierdie stamskole by. In die stede wil die swartmense hulle seuns stuur maar nie almal gaan nie.

Sodra die seuns begin groot word, so ongeveer tussen die ouderdom van 14 en 18 jaar, as hulle stemme begin breek, hulle begin baard kry en hulle die seunspeletjies begin agterlaat en die manspeletjies begin speel is dit die teken vir hulle ouers dat hulle gereed is vir die stamskool.

Die stamskole word gewoonlik in die winter gehou en kan van 1 - 3 maande duur. Die seuns arrivieer by die stamskool en trek dan al hulle klere uit. Hulle liggame word met 'n soort klei gesmeer en dan trek hulle gewoonlik 'n stertriem aan. Hulle gaan baie skamel geklee gedurende die tydperk. Die seuns kry ook nou 'n nuwe naam.

Bedags word daar gejag en hout gehaal en saans word hulle om die vuur deur die ou manne onderrig. Daar word aan hulle vertel van hulle voorouers en dié se prestasies asook wat dit beteken om 'n man te wees. Wanneer daar vrae gestel word wat hulle nie kan beantwoord nie, word daar sumier onder hulle ingeklim met kieries en latte.

Daar word vertel dat die stamskole in die winter gehou word omdat besnydenis nog algemeen voorkom by die swartmense en die seuns staan dan in die koue rivierwater wat die pyn verdoof.

As die ou manne besluit die seuns is nou gereed en volwaardige manne word hulle ouers ontbied. Die stamskool vind in afsonderingplaas. Nou eers kom die ouers en hulle arriveer gewoonlk met nuwe klere vir die jongman en miskien 'n nuwe kombers. Vir die eerste keer vandat hy gearriveer het, mag die jongman nou was en die klere aantrek.

Daar word vleis gebraai en bier gedrink en verder fees gevier. Die jongman word gewoonlik ook tuis terug verwelkom deur die kaptein met 'n verdere feesviering.

As volwaardige man kan hy nou begin rondkyk vir 'n vrou en ook begin om 'n bruidskat bymekaar te maak ten einde te betaal vir sy moontlike toekomstige vrou.

Šalang Babadi!

## A BUSY STREETCORNER

"Arrêtez! Arrêtez pour belles pommes et bonbons! Arrêtez! Arrêtez vous!" She is round with a rosy face and the cutest dimples imaginable. She is holding a basket filled with beautiful, glossy apples. On a little table next to her are candy sticks and suckers, little jars filled with "drop" and chocolate éclairs. Every now and then she flashes the world a sunny, dimpled smile, calling, "Arrêtez-vous! Ah, monsieur? Cherchez-vous des pommes pour la Femme ou . . ."

It is a typical, busy streetcorner in Paris. A blue, blue sky is lokking down on big old buildings with bay windows. Here is a little street "café" with red, laced curtains and small round tables. Next to it is a musty old bookshop with a rusty old sign above the door reading, "Veils hivres". Right on the corner is a bakery with the most delightful smells drifting from the open windows. Just as you walk past you collide with a pretty young girl carrying a long, flat loaf of bread. It's golden-brown and looks delicious. You decide to buy one and as you walk out of the door something attracts your attention.

An old, very wrinkled and crippled man is sitting on the pavement, holding out a hat calling, "S'il vous plait! Quelque chose pour un vieil homme. S'il vous plait? On the spur of the moment you break off a piece of your bread and throw it to him. At that moment you hear a crash, and suddenly the street is a picture of utter confusion. The baker and his wife come running out of the shop. At least a dozen cars are standing in the street, motorists are getting out shouting insults. The old man from the bookshop is trying to tell the round lady with the apples something at the same moment that she is trying to tell him what had happened. The old beggar is (to your astonishment) standing in the street, shaking his fist at heaven-knows what.

Suddenly a constable appears, the broken car is fixed and peace is restored again. The round lady is calling, "Arrêtez!" again, the baker is baking fresh, long, flat loaves again, the old man from the bookshop is trying to sell "Entré nous" to a customer again and even the old beggar is looking cripple again. You try a piece of bread, find it satisfying and continue strolling down the avenue . . .

"Arrêtez! Voila, ce sont belles pommes et bonbons.

Ah, bonjour Madame, voulez-vous . . ."

Anet Prinsloo St. 9/5

## A SEROUS DROUGHT

Usually I enjoy watching the television because of the colours, mainly green. Usually I enjoy driving through the country, mainly green. Suddenly, however, my world has turned grey, brown and dead. People walk around with grim faces, faces turned towards a blue sky, shimmering under a fierce burning sun, a sun which seems to enjoy drinking all the juices from the land. Every now and then I see people gathering all over the country, in churches, praying to the Lord for the one thing that can change all this suffering — rain. Every day I see my world still grey, brown and dead. I wonder why the Lord does not listen to us? Do you know?

Leonie Engelbrecht Std. 7/3

## LISA

*There was a girl, her name, Lisa*
*She was gay and vibrant, she was*
*Her hair acurl, her name, Lisa*

*In her eyes you saw something, wild and free*
*And oh, she enjoyed teasing, as she danced*
*with glee*

*She became a star, she did, Lisa*
*Her name, was up in lights*
*She changed her name to, ELVITA*
*I saw it, as I walked at nights*

*She was famous, she was, Lisa*
*Her, everyone wanted to see*
*She, lost something, something free . . .*
*She lost what we called, Lisa*

Michelle Picard St. 6/4

## SPRING

*As I listen to the rustling, the whispering*
*Of the trees I know, It's Spring*
*For Winter is over and I believe*
*A new beginning It will bring*

*For Winter is over, It is*
*The pain is gone for ever*
*The blossoms budding everywhere*
*It can't come back, never, never*

Michelle Picard Std. 6/4

# TRUCK & BRAKE CENTRE (PTY) LTD

## 24 Hours Services

**(1) Drum and Disc Machining**

**(2) Bonding and Riviting of shoes**

**(3) Automative Repairs**

**(4) Air Brake Installations / Repairs**

**(5) General Spares and Accesories**

**(6) Oils and Lubrications**

**697 President Steyn St.**
**Pretoria North**

**☏ 55-6173**




## "HE JESTS AT SCARS THAT NEVER FELT A WOUND"

"Tortoise, tortoise. Hurry up tortoise . . . Hop- along-Cassidy!" Delighted with his new invention the boy danced around the younger child shouting, "Hop-along-Cassidy, Hop-along . . .". The other children joined in the chant, blocking the little boy's way while he gritted his teeth and blinked his eyes to keep the tears from spilling over and giving his tormentors greater pleasure. He shuffled along, dragging his useless leg painfully behind him in an attempt to escape from the heartless jeers.

The little boy came to a stop-street and crossed when the light was green but by the time he had reached the middle of the road, the robot had already turned red. The driver of a truck shook his fist at the child and muttered audibly, "Blooming kid! He shouldn't be allowed on the roads!"

The boy was almost home when he heard the chanting voices of the other children again and this time he couldn't stop a sob from escaping. How he hated them! How he hated their strong healthy legs and hateful voices! Could he help it if he wasn't like them? Could he help it if his leg was weak and useless?

The child threw himself down upon the lawn and gave way to tears. Bitter sobs that came from deep down inside and brought no relief for the pain in his heart.

After a while he stopped. Tears brought no salvation either. It would always be like this . . . "He jests at scars that never felt a wound" . . .

Liza Picard Std. 9.

## HOW WE DESTROY OUR HERITAGE

Oh, how wonderful to jump out of bed every morning after a good night's rest, to throw wide open your windows and breathe . . . what? Definitely not clean, fresh air but more likely air filled with the smoke and waste of so many factories. I wonder what real, unpolluted air really smells like?

That is a question which is becoming increasingly difficult to answer in this modern world of ours. What happened to those rolling plains our ancestors had to cross? Those miles of untamed, beautiful country and blue sky? Even though it is now still possible to find a tiny bit of the Africa of a hundred years ago in our National Parks and Game Reserves, how long will this continue?

The more civilized mankind becomes, the more it tends to overlook and destroy its heritage. Great, smoking industrial cities are popping up like mushrooms. No-one spares a thought for the plants and animals that just have to move to make room for those steel monsters. Why destroy a tree that has taken more than two hundred years to reach full maturity for the sake of a shopping centre?

It is not just nature that we are destroying our heritage, but in our everyday life as well. We are so busy trying to keep up with modern life that we tend to forget what our forefathers left behind. Hardly anybody takes the time to visit any of our museums or monuments anymore. How long before they too, will be replaced by modern buildings?

Have we any pride left in our nation? It is time for us to look back at what those courageous people we vaguely refer to as our ancestors, left for us. If we really try, perhaps we can save a bit of our heritage for our children and theirs. Or should they just hear from us, without really believing, what a wonderful place the world was a few decades ago?

Save our heritage and it might just save us one day!

Antoinette Marais Std. 9/2

## EN AS DIE NAG KOM . . .

Ek is die vrou van 'n kroegboer!

As die maan wreedoog deur die venster koggel word ek 'n verlange . . . Ek werp die skanse af, ek staan op 'n ronde planeet en 'n swart hemel koepel oor my — en die maan.

Jy dink aan my as maar nóg een. Nog 'n vrou deur haar man verwerp. Ek verkwalik jou nie, wie sou buitendien kon dink dat die vrou van gesiene prokureur Steyn nooit slaap nie — sy wag alewig dat hy besope van die kroeg moet kom. 'n Sappige brokkie nuus, nè?

Ek mag dalk vir jou een van duisende wees, maar vir my is ek ek. Ek staan alleen, jy ken my nie. Geen ander wese op hierdie dorre hel ken my nie.

Ek is verwerping, ek is minagting, ek is alles wat 'n vrou is wat weggesmyt op 'n hemelbed in 'n hoofslaapkamer lê — en haar man se foto lag vir haar vanuit 'n silwer raam teen die oorkantste muur.

Bedags is ek normaal . . . Wat is normaal? Om van winkel tot winkel te flenter. Om teepartye by te woon — om te werk aan jou beeld as 'n gesiene vrou in die gemeenskap, en dan natuurlik 'n liefde — vrou en moeder.

Ek braak gal, dit loop in jaloesiegroen strepe oor die maanligstraal wat die donker net nog 'n bietjie donkerder maak.

Hier in die hoofslaapkamer van prokureur Steyn lê sy vrou — sy is jaloers op die arme ou buurvroutjie van langsaan — wat nou knus in haar mynwerkerman se arms lê.

Ek mág jaloers wees in die nag, ek hoef nie te lag en vriendelik te wees met die burgemeester se vrou nie. Hiér behoort ek aan myself. Hier kan ek vloek en tier vir die maan, ek kan die nagblink sterre koggel met sarkasme — want ek hoef nie mooi en onskuldig te slaap nie. My man is mos nie hier om dit te sien nie — hy dop!

Sies, hoe onvroulik tog — dis lekker. Lankal wou ek die woord "dop" gebruik in die plek van die versagtende "drankie maak."

Ek haat nag, ek haat donker. Ek klim in die sagte lyfie van die dogtertjie oorkant en hardloop die dag tegemoet. My lewe lê voor, 'n lewe van liefhê en geluk — die krieke koggel, nag . . . nag!

Somtyds klim my man tóg deur die kosyn en kom sit langs my op die bed. Sy oë lyk nes die maan — net wreder. Sy volgende woorde kan ek met ervaring resiteer. "Môre aand is daar 'n geslligheid by só se plek, dié tyd moet jy klaar wees, dis belangrik ons moet gaan."

Dan draai hy sy rug op my tot môre aand. Môre aand glimlag hy met my sy bruilofs-glimlag — wie sal dan weet hy was dronk op sy huweliksnag? Ek haat nag.

Ek sien die skok in jou oë, jy lag nie meer en dink ek is neuroties nie. Ek is bly jy het gelees. As jy weer van een van ons verneem, onthou tog: glimlag 'n opregte glimlag, sy het genoeg van vals glimlagte.

Sy is die vrou van 'n kroegboer — en as die nag kom word sy 'n verlange . . .

JANIE LUBBINGE
ST. 10



## AS DIE WIND DEUR DIE BOME SUIS . . .

'n Harmonie van klanke kom na my gesweef. . . Elke noot 'n traan wat die herinneringe diep binne-in my brandend laat ontvlam . . . 'n Treurige lied — elke keer 'n nuwe kastyding.

Afgeëts staan ek teen die vlammende son, my silhoeët 'n vraagteken, 'n geboë figuur wat op die hopelose toekoms wag! My son het ondergegaan . . . Ek is 'n produk van die verlede.

Die wind dwarrel my gedagtes deurmekaar. Beelde omring my, gooi my in die lug op; daar waar die onvoltooide vreedsaam voltooi word — 'n sprokie . . .

Ek sien jou weer na my gehardloop kom . . . Ons liggame soos magnete, ons trek mekaar aan; ons is vir mekaar bedoel! Twee paar oë weerspieël die liefde tussen ons. Jy, my vuur-en-wolkkolom, my dag en nag, my hele wese . . . Ons vleg 'n pad deur die sand, 'n toekoms wag op ons . . .

Maar, ek word hard teruggeruk na die werklike, die vreeslike hede! Ek moes jou afstaan . . . Die oop graf, die rooi angelier spel verdoemend **OORLEDE-VERLEDE!**

Ek veg hard teen die trane, my gedagtes 'n nimmereindigende doolhof van verlange . . . My hart — 'n swart roukleed. Alles folter my, verkrag my met die wete dat ek een was, nou is ek half-mens . . .

Ek weet jy moet slegs 'n gedagte word. 'n Monument in my hart, verguld met my liefde. Maar hoe vergeet 'n mens die malle rondomtalie-dae? Jy het altyd die lag in my oë gebring, nou is jy slegs die hoendervoet-spoortjies daaromheen wat vertel van hartseer, eensaamheid . . .

Die bome buig troostend na my neer, sit hul arms om my geboë skouers en probeer gevoel gee, daar waar daar lankal nie meer is nie . . .

Die aarde suig my teen haar neer. Ek proe die stof, ja van stof is ons gemaak en tot stof sal ons terugkeer . . .

Maar die lewe pols in my, my hart klop warm in my ore, ek moet voortgaan. Gister en eergister moet die fondamente van 'n beter môre word. Jy wás deel van my.

*Sê dit met blomme*
*van*

# Wierda Flora

Ons spesialiseer in trouruikers
Vars snyblomme

**Vars en droë ruikers altyd beskikbaar**

HENMAR MEDIESE SENTRUM
KOEDOESTR. 177
WIERDAPARK

TEL.: 64-6885

# ELDO MOTORS

Vars petrol en diesel gegeur met Super Caltex
CX-3 NOU beskikbaar!
Flink diens en persoonlike aandag
Maandae — Saterdae 7h00 - 19h00
asook Sondae 8h00 - 19h00.

**Gratis smeerdiens met elke 5-liter Super Caltex-Olie — R11,99**

*Petrolkaarte welkom.*

**Hydelaan 66, Eldoraigne**
**Tel: 64-3111**



Berusting spoel kabbelend oor my heen. Die wind suis deur die bome . . .

HANLIE ENGELBRECHT
ST. 10/6



## AS DIE WIND DEUR DIE BOME SUIS . . .

Dis Sondagmiddag op die plaas en ek lê rustig onder die liggroen wilgerbome langs die rivier. As die wind deur die bome suis, maak ek my oë toe en laat my gedagtes gaan en die wind voer my weg na ver lande en vreemde dinge.

Skielik is ek in Japan, waar die ligte briesie die fyn klokkies voor die vensters laat rinkel en die lanterns aan die bome laat roer. Ek kom op groot oop markpleine waar klein meisietjies met reguit swart hare en kaal voetjies mekaar jaag en ou Japannese tantetjies met grys bollatjies soekend rondskarrel na handelsware.

Die wind voer my ook weg na waar die goue strande en helderblou water van Mauritius my lok. Daar waar die beeldskone vroue met gebare kan praat en die dolfyne jou lok om saam te baljaar in die branders.

Dan is ek skielik in Switserland waar die spierwit pieke glinster in die eerste strale van die opkomende son. Ek gaan op in die berge met skihysers, oor afgronde waarin jy afkyk tot oormôre. Dit word 'n dag van ski en jolyt in die helderwit sneeu, totdat die son agter die groot vriendelike berge wat oor alles waghou, sak.

Manhattan-eiland in New York. Al die mense stroom haastig verby en ek staan verskrik terug toe 'n groot Amerikaanse motor naby my toet. Groot busse raas verby in die strate en ek wil ontvlug, na 'n plekkie waar ek rus kan vind.

Die Egiptiese son skroei genadeloos neer oor die Sahara. 'n Songebruinde Egiptiese seuntjie hou my koel met 'n ontsaglike waaier. Die son begin water trek en ek gaan op reis saam met 'n karavaan kamele, belaai met kosbaarhede. Die son kom weer op en verskroei alles. Ek kan nie meer nie, ek soek lafenis.

Ek dobber rond op 'n seiljag in die Karibiese see met 'n glasie yskoue koeldrank in my hand. Skielik verander die rustig deinende golfies in 'n storm. Die boot word rondgeskud asof dit maar net 'n kurkproppie is. Dit voel asof al agt die winde genadeloos op my toegesak het.

Ek word 'n wolk. Ek swewe hoog bo die aarde en kyk rustig toe op al die nietige mense en dinge daar onder. Hulle is so nietig teenoor die groot aarde.

Dan word ek Marco Polo. Ek reis deur die wêreld en probeer iets doen omtrent die vrede op die aarde, maar die Kosakke neem my gevange. Ek ontvlug in 'n wilde jaagtog oor die berge en dink dan daaraan hoe ons voorouers oor berge lgetrek het. Ek wens ek kan weer 'n wolk word.

Nou is ek 'n beeldskone prinses en ek word op die hande gedra deur 'n forse ridder op 'n perd met skuimende wit ,maanhare.

Ek staan op 'n heuweltjie en kyk uit oor 'n vallei waar 'n duisend wit perde vry en gelukkig galop oor die vlaktes van Frankryk. Ek stap in die nou stegies waar die rooi malvas mekaar verdring op die balkonnetjies om die vrolike sonlig op hulle gesiggies te kan voel.

Ek voel ook so lig soos 'n veertjie en dryf oor na die Kaap de Goede Hoop. Ek ry in 'n koets oor die plaveistene van die straat. Ek is op pad na die jaarlikse bal in die kasteel en het die pragtigste hoepelrok aan. Die regiment soldate wedywer om die mooiste meisies vir die danse.

Ek is weer terug op die plaas. Die son begin al water trek en die windjie dra die namiddag plaasgeluide na my. Ek hou daarvan om so te lê en droom op Sondae middae as die wind so deur die bome suis.

LIDIA BRITZ
ST. 10/5

## URE LANK. DAE LANK. WEKE. EEUE.

*My dae soek na die voertuig van jou*
*liggaam*
*my dae soek na die gestalte van jou naam*
*altyd voor my in die pad van my oë*
*en my enigste vrees is besinning*
*wat jou bloed wil verander in water*
*jou naam tot 'n nommer*
*en jou oë ontsê tot 'n herinnering*

*I. Jonker*

Vandag het die ritme van die ure die polsslag van die nuwe dag aangegee. In die grys lug het 'n kolom swaels teen die wolke gerank. Die klank van hulle ylingse geroep het die toppe van die sipresse aangeraak.

Ek het vanoggend wakker geword met hierdie nuwe wete diep in my gewortel. Dit was asof my gevoel aanklank gevind het by die "sonstrale wat soos goue eekhorinkies" my kamer deurvors het. In die skemer oggendlug het nog die oorblyfsels van die vorige nag bly kleef. Die skril gefluit van die melkjong het hierdie gevoel oorgedra, dit sito-sito die wêreld ingestuur met 'n vrolike geklink van melkbottels en gesteun van die mishoring in die hawe.

Mens het soos rysmiere hulle tonnels verlaat, en skielik die swanger lug verkrag met motortoetery en radio's en industrieë se rook wat doolhowe in die lug gekronkel het. My eensaamheid het laag in my hart gelê; dit het uitgekring tot 'n wye veld van verlatenheid, 'n veld waarin onsekerhede veldpaadjies uitgetrap het en my magteloosheid 'n erosie in my selfversekerdheid veroorsaak het.

Ek was van plan om die dag gepantser teë te gaan. My oë het die vertes misgekyk. Ek wou nie die windswaels raaksien nie. Op my stoepie voor die voordeur het 'n slak 'n silwer kronkelspoortjie agtergelaat. Ek het die voordeur hard agter my toegeslaan. Die skel klank het die vinke met 'n skaterende lawaai uit my doringboom verdryf. In groepies het hulle uitmekaargespat. Ek kón net nie anders as om dit raak te sien nie: hierdie groepering en sameroering, aaneenskakeling . . . 'n eenheid. Dit was asof mens en dier daartoe neig om hulle aan mekaar te verbind, so asof hulle krag daaruit put om aan mekaar te behoort.

As jy egter die enkeling is wat heirdie voorreg ontsê is, voel dit asof jy buite hierdie kring staan, so asof hierdie kring geëlektrifiseerd is. Wanneer jy dan 'n poging aanwend om dit binne te dring, word daar alarm gemaak wat verreikende gevolge tot gevolg het. Die kringetjie beveilig hulself onmiddellik, en die versterkings wat rondom hulle aangebring word sal nie eers met die hardste en verdrietigste gil Jerusalem-gewys ineenstort nie. Jy draai dus net om en herberg jou hartseer in die verlate swaelnessies.

'n Vlerkgeklap het my aandag getrek — twee rooivinke het opgewonde op 'n tak rondgefladeer. Al twistende het hulle voortgetier, totdat 'n derde party hulle uiteengedryf het. Selfs in die kringetjie onderling kon daar tweespalt wees . . . Maar wie dink aan tweespalt wanneer die ure soos renmotors voor die son verbyflits en my hart klein en seer in die hoekie van die plafon bly lê het? Binne-in die ruimte waarin ek my bevind het, was daar geen ontvlugting voor die genadelose getik . . . en getik . . . nie. My polsslag het later die getik nageboots en het ek ritmies gewieg op die genadelose slae.

In die dwaalbosse was die spreeus meteens stil. Ek kon die weerkaatsing van my gesig in die ruit sien. Skielik het my wete 'n klimaks bereik. My asemhaling was hard en onreëlmatig in my ore . . . dit het verby die getik van die tyd gesnel . . . totdat dit plotseling vir my gevoel het ek sweef bo alles en verby alles. Ek was meteens langs die swaels.

Van bo af kon ek die stad sien. Ek het die posman sien ry met die son op sy rug. Van hier af was my huisie 'n klein swaelnessie. Hier bo was ek buite enige ruimte. Hier sal ek my eensaamheid kan versoen met besinning . . . en dit ontsê tot 'n herinnering. Nie net nou nie — ure lank. Dae lank. Weke. Eeue . . . Vir ewig . . .

MELODIE NÖTHLING ST. 10/7



## DAN SÊ JY JY WIL TERUGKOM?

Dis verskriklik. Ek is vasgevang in die maalkolk van pyn. My verdriet vloei . . . Hoe kón jy, kón jy, kón jy . . .

Jy was 'n geskenk uit die hemel: jy met die lag in jou oë, die terg in jou glimlag en die wip

in jou hare. Jy het in my lewe gekom toe ek dit die nodigste gehad het. Sommer net so. Breek net eenvoudig die klipharde mure van my hart af, en toe kom maak jy jou tuis daarin. En ek het lief geword vir jou, ontsettend lief.

Dis jy wat my weer die waarde van menswees geleer het. Dis jy wat vir my die klein, en tog so belangrike dinge in die lewe uitgewys het. En dis jý wat my geleer het dat God die mens die helderheid en kalmte gegee het om die dinge te aanvaar wat jy nie kan verander nie.

Ek was vrek gelukkig. Die lewe het só veel gehad om te gee. Onthou jy dan nie? Ons het saam aan een roomys geëet, die taai daarvan van ons vingers afgelek. En die dolsoet vakansie by die see? Het jy dan só gou vergeet?

Ek het jou geglo. Jy het my dan oortuig van jou liefde. My lewe het om jou, as die as daarvan, gedraai. Ek het jou alles gegee. Ek het selfs my selfrespek begrawe. Ek het myself vir jou gegee.

Toe gaan jy weg.

O, die verskriklike, verskriklike pyn! Al wat ek van jou oor het, is herinneringe; herinneringe wat ek troetel, bewaar. Dit is net somtyds wat die wond oopbars soos nou . . .

Voor my lê 'n brief van jou. Die laaste een wat ek gekry het was toe jy verdwyn het — toe jy my eenkant toe gestoot het; toe jy by iemand anders geluk gevind het. Dan wou jy dit nog afmaak met 'n verskoning — dit sou in elk geval nie gewerk het nie.

En nou wil jy terugkom? Wat sal jy nou weet hoe ek gevoel het, hoe ek elke dag in afwagting geleef het? Ek het na die sterre gekyk, elke ster was joune. Ek het na die blomme gekyk, elke blom was joune. Ek wou self weer joune word, maar jy was klaar reeds hare. Dan sê jy jy wil terugkom?

My oë soek angstig oor die passasiers. Dan staan jy langs my. My brein tas verward rond na net 'n bietjie erkenning. Ek sien jou vraende blik. My God, is dit hoe 'n herinnering lyk? Is dit wat oorgebly het na al die jare van onthou? Daar het 'n vreemde rustigheid in my hart kom lê. Ek sal van vooraf begin, en net die jy van lank gelede onthou. Stadig draai ek om. Ek hoor jou roep en ek hardloop vinniger, vinniger en vinniger. Ek kyk om, maar jy is net 'n stippeltjie in die niet. Hoe kan ek dit dan vir jou sê?

Ek ken jou nié.

CHRISTINE AUDIE
ST. 10



## EK KEN JOU NIE

Jy het my met jou skadu vasgespyker teen 'n sneeuwit wolk wat die engele ingekleur het, maar ek het jou nie geken nie!

Ek was 'n mens . . . aards en jy het 'n orkaan in my hart geskep wat soos 'n draaikolk om my gelewe het . . . wat uit die stof gebore is en wat gewentel het om my eie as . . . die eie ek. Ek was die vuur. Ek het gelewe omdat die aarde vir my vlamme uit die stof gekap het en hulle met 'n vervloekte rooi genot geverf het. My gesig het goud gebloos en ek het in die aarde wat die mens self gebou het, uitgeblink . . . ritmies, elegant en selfbewus soos die polsslag van die slang se hart.

Ek het gelewe.

Jy het my met jou skadu vasgespyker teen 'n sneeuwit wolk wat die engele ingekleur het. Jy het met jou koel asem in my gesig geblaas want voor jou aangesig moes ek soos 'n stuk yster in die kalm seewater roes, wegsmelt en verdrink, maar ek het jou nie geken nie!

Jy was die tolk van die nag . . . 'n ru sprokie wat die dood self geskryf het. Jou skeepseile het bleek in die sterre geflikker en jou pêrelprag het jy begrawe in 'n kis wat gesink het in die kalm seewater. Jy wou my vlamme blus met 'n sagte kus en 'n warm omhelsing wat jy nie uit die stof van die aarde geskep het nie en jy wou my hart begrawe sodat ek nie meer ritmies, elegant en selfbewus soos die polsslag van die slang se hart, kon lewe nie. Jy wou my lok met jou verborge skatte — aas wat die aarde nog nooit kon betas en besit nie.

Jy was 'n lewe wat in die dood geflikker het.

Ek en jy het sterk verrys bo die natuurlike. Ek het gegroei in my eie draaikolk van mag en jy het tot in ewigheid my gekus, omhels en met jou koel asem geblaas totdat my goud voor jou aangesig wou afsplinter. Ek het jou nie geken nie. Ek wou jou verwerp. Ek het my goue ore begrawe in die aarde sodat ek nie jou klop aan die poort van my lewe kon hoor nie.

Ek het gelewe, maar ek was moeg van my gesug en my trane het my deurweek. Ek was sat. My goud het weggesmelt in die vervloekte rooi genot van my aardse vlamme. My lewe het geraak aan die doderyk. My orkaan het verdwaal en het weggesink in die kalm seewater. My as het 'n satansbesitting geword: die eie ek.

Jy het my met jou skadu vasgespyker teen 'n sneeuwit wolk wat die engele ingekleur het en ek het Jou oë gesoek . . . ek wou Jou ken. Jy het my gekus en my omhels . . . Jou liefde het my lewe geneem. Jy het my met jou asem geblaas en my goud het gesmelt sodat ek my mond kon oopmaak en Jy jou asem in my kon blaas . . . sodat Jy my kon herskep in die lewe!

Ek ken jou nie . . . jy wat my met jou satansmag toegekluister het in die aardsgebondenheid . . . jy . . . die aardse lewe.

Ek lewe, want U het deur my poort gestap en 'n maaltyd met my gevier . . . want U het my herskep . . . want U is God.

CHRISTINA NEL ST. 10/4



## AS DIE WIND DEUR DIE BOME SUIS

Dis dagbreek; die ruie bosveld maak sy oë oop; sonlig val op die veld. My gedagtes dwaal soos 'n bries deur die bome; tambotiebome, sekelbosse, soetdorings en waterbome.

Die bloeisels van die soetdorings en die koedoe-klapperbome bedwelm my brein met hul skerp reuk. Dis 'n interessante blom dié van die koedoeklapperboom. die blom self lyk soos die wiel van 'n windpomp, 'n wiel in die suising van die wind. Die blomme se kleur wissel van oranje tot spierwit, selfs witter as sneeu.

Die veld is kraakvars. Die sand is natgedou en die nag se gebeure vertel hul verhaal in windspore in die oggend!

Dit gaan vandag warm word. Onheilspellend begin die besiekore met hul refreine van sissende genot. Hier onder in die leegte waai die wind nie, net daar bo in die grou granietpieke hoor jy sy suis.

Die skurwebasvelle van die tambotiebome lyk soos voor die Skepping woes, deurmekaar en leeg . . . tog vol lewe. Dis hierdie bas met sy giftige reuk en sy wit sap wat die besonder olierige eienskappe van hout verryk met 'n soet geur.

Ek stap in die sanderige paaie aan na die hoogtes, daar waar die koel briese waai. Wolke vol drome swerf by my verby in die boonste blouste hemele — witter as die witste wit.

Dis 'n harde wêreld dié, maar dis tog so mooi. 'n Droë knoppiesdoringboom getuig van 'n vroeëre era, 'n era van goeie reëns. Die mens met al sy moderne toerusting kan nie die lieflike silwer vloeistof van die lewe — gebring deur die wolke — ontwerp en bou nie.

Die soet reuk van die buffelgras is so skerp soos die reuk van vars beesmis in die stof van die kraal. In die suising van die wind reik die solo sang van 'n hoep-hoep huilend tot my deur, daar waar hy hoog in die takke van 'n apiesdoring sit.

Die lekkerbreekbome staan orals soos 'n klomp bieërs op 'n veilig tussen die ander bome. Hulle wil ook hulle sê sê. Die bas van 'n lekkerbreekboom lyk baie soos die van die bloekomboom. Ek wonder wie het hierdie boomsoort dié naam gegee van lekkerbreek.

'n Boom is soos 'n mens. Daar is nie een wat dieselfde is nie. Die wind waai nie in een boom dieselfde nie. Die bome ken die wind die beste, ken sy heimwee . . . ken sy krag. Varings hang soos verweerde geroeste oskettings uit die bome.

'n Klompie makka-bytjies vlieg senuweeagtig om hulle tregter, tuitvormige gaatjie in 'n soetdoringboom. Die heuning van die piepklein bytjies is nie so verskriklik soet soos dié van 'n heuningby nie. Dis meer suur, amper soos asyn in droë biltong.

Wanneer ek die granietkoppe bereik, drink ek eers uit die silwer kabbelende watervalreënboë. Die water is yskoud, stroopsoet en maak my brein helder — helder soos die diep waterpoele waarin die waterval stort.

Versigtig klim ek al op my ou paadjie. Elke keer is dit 'n nuwe avontuur. Die broodbome en die varings bedek die mos wat soos groen fluweel groen met hul beskermende blare, net soos die suising van die koel bries my beskerm teen die versengende hitte. Die wind vertel my van duiwe in die bome wat troosteloos roep.

Dikwels vra ek myself af waarna roep die duiwe. Al antwoord wat ek daarop het, is dat ook hulle na die suisende briese van die lewende stilte smag, net soos ek.

BERTUS BEZUIDENHOUT ST. 10/3



## MY NAGTE IS VERSKRIKLIK. EN DIE MAAN RYG 'N DUN DRAADJIE DEUR MY BREIN . . .

Die wit lakens smoor my rou snikke. Sweet maak klein pêreltjies op my voorkop wat in die dowwe maanlig glinster. Met wydgesperde oë staar ek na die sekelmaan . . . My nagte is verskriklik. En die maan ryg 'n dun draadjie deur my brein . . .

Ek wil nie wakkerword uit die salige grenslose donkerte nie. Kan sy dit nie verstaan nie? Die engelgesig met die wit univorm en sagte, simpatieke stem. Ek wil nie, ek wil nie! Die wit mure herinner my aan die werklikheid — dit waarvoor ek vlug!

Ek weet as ek my oë gaan oopmaak, dit weer in my brein sal ontplof. 'n Vuurwarm vulkaan, wat bloed soos lawa uitspuug en uitspuug . . . sonder ophou. Pers gedaantes verskyn teen die bordkrytwit muur. Hulle word duideliker en groot groter en groter met lang vingers en vlymskerp naels na my toe uitgestrek . . . ek krimp ineen. "Bedaar. Kalm nou . . .", dring die woorde van die engelgesig tot my deur.

"O Here, U wat almagtig is, neem net hierdie vreeslike herinnering weg. Of kan selfs U dit nie eens doen nie? Moet ek dan vir ewig gefolter word? Het ek nie al genoeg geboet vir die onbesonne daad nie?

Bloed. Haar gesig, met die blonde hare wat dit soos 'n stralekrans omgewe, vertrek. Ek kan die ongeloof in haar oë sien. Dan word die blou poele troebel . . . dof . . . glasig . . . dood. Dood . . . dood . . . sy is dood! 'n Rooi angelier groei uit die agterkant van haar linkerskouer. Ek het vir haar 'n rooi angelier gekoop op Valentynsdag. Die bloed loop teen haar rug af . . . oor haar been en stol leweloos op die vloer.

Waarom het ek dit gedoen? Ek wens ek het geweet. 'n Fyn snaartjie het met 'n pieeng in my brein losgeskiet. Sy het gegil toe sy die mes sien . . . gesmeek, gesweer dat sy dit nie so bedoel het nie. Sy was meteens 'n klein wurmpie wat ek met my skoen kon trap, sodat daar net 'n nat kolletjie oorbly. Ek was baas en ek wou my seer wreek . . .

Ek kan die dokter se woorde duidelik onthou: "Pasiënt nommer dertien toon psigopatiese neigings." Julle maak 'n fout! Ek hét 'n gewete — 'n gewete wat my geen rus gun nie! Luister tog na my. Hoe moet ek dit aan julle verduidelik?

Dit is soos 'n wiskunde probleem:

Gegee: Man wat klaarblyklik sonder enige rede 'n vrou wreedaardig vermoor

Gevra: Bewys dat die persoon geen sielkundige afwykings toon nie

Bewys: Waar moet ek begin? Julle glo my nie . . . ek is toegesluit in 'n wit kamer met wit mure, wit lakens en 'n wit engelgesig!

Ek moet uitkom. Ek moet myself gaan soek . . . ek het my siel verloor. Ek kan nie sonder my siel by die hemel kom nie. Hemel? Gaan 'n moordenaar hemel toe?

Die engelgesig buk oor my. Die spuitnaald blink en 'n glinsterende pêreltjie vorm by die punt. "U moet nou rus, meneer. Môre is nog 'n dag . . ."

My ooglede word swaar. 'n Swart kombers vou my saggies toe . . . Rus, rus . . . môre is nog 'n dag . . . nog 'n dag van hel . . . nog 'n dag met 'n maan wat sy dun draadjie deur my brein ryg . . .

HILDEGARD SETZKORN ST. 10/7



## EK KEN JOU NIE

*Ek is uitverkies vir iets*
*wat ek later sou verstaan*
*Ek het lank teen Hom geveg*
*Ek was 'n dwaas.*

Wie kan tog die mens beskryf? Wie kan die siel en liggaam verbind tot 'n eenheid? Dit is soos een wat 'n koekrak versier, en waar die oop kolle plek-plek toegesmeer word, syfer dun draadjies versiersuiker deur. Al wat dan oorbly is 'n kulkors om die enigste werklikheid van geloof, hoop, en liefde. Tog is dié kulkors ons enigste pantser teen bedwelming en droomvisioene van is, was, gewees.

Ek, Homo Sapiens, en jy, Gees, is los gebak en het deur die jare vasgegroei tot 'n eenheid. Jy is die kosbare stukkie goud, en ek die gierigaard. Jy is myne, deel van my, en niemand sal deel in ons hê nie. Ek sal jou bewaar soos 'n kleinood, 'n kosbare ou wyn — ek sal jou in stilte uithaal, bewonder en dan weer toesluit.

. . . maar ek ken jou nie. In hierdie kraakdun kulkors van ek-en-jy, jy-en-ek ontsnap jy soms, borrel uit my soos die vleis uit Martha se vleismeultjie. Jy gebruik my naam, en ek, ek pruim die spyt. Dan is jou geskater iets wat in 'n verskriklike oomblik die pantser van my liggaam aan skerwe laat spat. Dan is "ek" nie meer "ek" nie.

En as die donker arms van die nag om my vou, en die verwarring van vyf-voor-slaap oor my wit ooglede kruip, is ek vry van jou omhelsing, en proe ek dors in my mond. Dan is dit weer net ek en myself wat na die sagte gelispel van die bababrandertjies luister, en weet dat, omdat dit alles 'n skepping van God is, ons daaroor kan droom.

En as die dag aanbreek, waarvan gras net gewone naarmaakgoed vir honde is, bondel jy weer in my mond in en herinner my met jou geklop-klop-klop en wegklink-klink-klink dat ek soos 'n sonstraal om jou vinger gedraai is, en soos die silwer koepel van die maan om jou hals vasgedraai is.

Nou kyk ons in die toekoms . . . maar sal ons eendag as twee verskillende mense omkyk en twee spore, soos die bene van 'n V oor die horison sien verdwyn? Enkeld. Alleen. Sal ek eendag besef: Ek ken jou nie?

KARIN KRIEL ST. 10/7



## WEG! EK KEN JOU NIE

'n Nuwe dag. Die son vleg sy goue draad tussen die wolke deur . . .

Ek kyk deur my venster, die lewe wink. Ek gaan na buite, voel die gloed van die son teen my wange. 'n Helder fontein van kleur begroet my — helderder as gister se reënboog. Ek loop deur groen gras, tel die doudruppels daarop. Ek hoor die lied van die wind; in my hart klop die ritme . . .

Maar dit word donker, skielik . . . verskriklik . . . Ek kyk om my, soek die son, soek die wind. 'n Swart vergetelheid omhels my. Ek voel jou . . .

Sterk arms trek my dieper die duisternis in. Ek veg, spartel om die doodsgreep van my af los te skeur. Maar wat is 'n druppel teen die see?

Ek val steeds — Nêrens is 'n stukkie lewe om aan vas te klou nie. En skielik is ek daar. Ek kyk deur my venster, jy wink. Ek volg jou deur die grys gras, tel die rooi druppels lewe daarop. 'n Son blink swart teen die uitspansel. Ek sien 'n vreemde hemel. Die grond is bleek en droog. 'n Reënboog verdwyn êrens tussen die begin en die einde. Die wind speel 'n vreemde lied, die ritme onbekend.

'n Hand lei my verder. Ek struikel, val; die wind gooi stof teen my bene. Maar ek gaan voort . . . onwetend . . .

Skielik is hulle daar — soos wit grafstene wat getuig van 'n vroeëre lewe. Bleek hande betas my, nikssiende oë staar my aan. 'n Klanklose lag vul die leegheid om my. Dan sien ek jou!

Donker, vreemd . . . Jy kom nader, raak aan my met 'n koue hand. Ek voel die bloedloosheid onder jou vel, hoor die stilte van jou hart. Die wind sing weer . . .

Ek wil omdraai, wegvlug van 'n son wat ek nie ken nie, die klank vergeet van 'n



# The choice

The advantage of dealing with Liquid Air for **all your gas supplies** is simply its ability to provide you with your exact gas needs.

No matter what type of gas or in what form you need it, Liquid Air has the capability and technology to meet your requirements.

Whether it is a bulk gas plant attached to your factory or liquid storage vessels or just one single cylinder of helium for blowing up kiddies' balloons. **The choice is yours but the quality of service and dedication is the same.**

Even if you are involved in development work where your needs are not yet clearly defined, you have free access to a wealth of international technology from Liquid Air. Technology that will help you solve your particular problems, and fast.

Technology constantly moving ahead to cover applications as diverse as steel making, medical respiration, welding and cutting, food freezing, heat treatment, atmosphere inerting, sewage treatment and paper pulp bleaching and hundreds more.

**SHARING TECHNOLOGY**

9 Wellington Road, Parktown, Johannesburg. PO Box 32156, Braamfontein, 2017. Tel. (011) 643-6951. Telex 4-24178 SA.

LIQUID AIR

DALLAS TOMLINSON & ASSOCIATES 6091/3




onbekende lied. Maar jy gryp my hand vas, trek my deur die donker poort.

'n Vreemde glans kruip skaam agter die wolke uit. Ek word blind in die grougrys van kleure. 'n Verblindende son sweep sy strale net siedende geweld neer. Die lied van die wind bereik 'n vals crescendo.

Dit is nie mý son nie, nie mý wind nie! Gaan weg, Dood! Ek ken jou nie . . .

VIVIA JACOBS   ST. 10/7



## VLUG

Hygend hardloop ek. Bome verskyn soos skaduwees voor my sodat ek my pas so elke nou en dan moet vertraag om weg te swenk. Dan weer hardloop. Heeltyd net hardloop. Hardloop met die blinkster heeltyd reg voor jou. "Die oggendgloed sal weldra die weg vir jou vergemaklik", het Ou-Piet nog gesê voor hy ook sy laaste asem uitgeblaas het. "Bly net hardloop. Vlug!" Die woorde draai en maal en skuur in my kop. Stadig vorm dit deur afskuring verwronge beelde van die afgelope nag in my gedagtes.

Niemand het so-iets verwag nie. Die berg, Edna, het skielik om middernag begin kreun en skud en blaas. Ou-Piet was besig met waarnemings oor nagdiere, vir sy studie, toe 'n skielike aardskudding 'n rots laat losbreek het, wat verwoestend teen die berghang afgerol het. En van die bome, wat so plat gerol is, het net 'n gebreekte tak Ou-Piet teen die grond vasgepen. Vermanend het hy gekreun toe ek hom wou help. "Vlug" het hy gekreun: Sy laaste opdrag. En toe was alles vir hom verby. Alles was in duisternis gehul toe 'n knallende slag deur die lug skeur. Edna treur! Wenend loop gloeiende rooi "trane" van haar kruin die hange af. Vlug, dit is my enigste kans op oorlewing.

Skielik verskyn daar weer 'n swart-gedaante met hangende arms voor my, my voet haak vas en na 'n hou teen my kop, voor ek in 'n swart put wegsink is my laaste gedagte: Vlug . . .

WILLIAM SMITH



## EK IS WAT EK IS

Opstand. Vrae. Mense. Ek . . .

Opstand groei in my, word gevoed, gekoester en versorg. 'n Saadjie het dit begin, versmorende onkruid groei dit nou voort.

Vrae kring om my kring in my en draai kringend rondom my. Tart my en bly my eindeloos by. Vrae sonder grens of soom. Vrae sonder antwoord.

Mense, 'n poppespel, 'n vals onwerklikheid op 'n wêreldse verhoog-nagemaak, een groot toneelgroep, dié mensdom. Vol grappies, leuens en "vriendskap". O, die vriendskap. Dis altyd op die mark. Te koop teen wat jy het om aan te bied. 'n Bietjie hier en 'n bietjie daar, mensesiele ingekerker in 'n traliewerk van wêreld. Gulsige hande smeek en vra.

Gulsig. Die sterre vreet aan die hemel die son slurp vraatsig aan die see. Vra, vra en neem en nogmaals neem. Almal gebruik almal en gee niks terug nie.

Hoe arm is die wêreld; hoe min het ek van hom. Gesigte, name, beelde, woorde skarrel by mekaar verby, in 'n arm wêreld, leef by mekaar verby, by my verby.

Wanneer leef ons? Geboorte, werk, sterf. 'n Lang roetine van niks doen, want wanneer leef ons? Ons is vry om te praat, vry om te lieg, vry om te sondig, maar vry ook om dit nié te doen nie. Die keuse is mos joune. Maar waar dan die vryheid om te leef, om myself te wees? Ander keur my altyd af, al neem hulle my aan. Wie is dan ek?

Ek vra, ek praat, ek doen en is myself. Waarom die gaping, die onbereikbaarheid? Wanneer mag ek ek wees en wanneer nie? Waar pas ek in hierdie kringloop, mense, wêreld, vrae . . .

'n Verdwaalde spikkel op die horison; alleendenker, -slaper, -loper. Ingebondel met my hande bak.

Ek is wat ek is.

ADÉLE NELSON   ST. 10/3



## EK VERLANG SOMMER

Hulle sê met die ouderdom kom wysheid. Ek besef nou dat saam met die wysheid kom eensaamheid en verlange.

Vandag verlang ek sommer maar net na my kinderjare. Dit was vreugdevolle, sorgelose jare. Ek kan vir Mamma nog so goed onthou as sy my in die aande kom nagsê het. Haar hare was dan los, het in lokke om haar gesig gehag. Haar oë was sag, liefdevol. Nadat sy my nag gesoen het, het sy die kers doodgeblaas en saggies uitgestap.

Ek en Klein Jan het kleilat daar onder in die driffie gespeel. Ou Jonas het nog vir ons elkeen 'n rekker gemaak en ons leer skiet. Hy het ons ook altyd jag- en oorlogstories, van toe hy en Oupa nog jonk was, vertel.

Ek verlang ook vandag na Oupa. Ek onthou nog hoe Ouma gehuil het toe sy van die hospitaal af teruggekom het en gesê het Oupa kom nooit weer terug nie. Ek het ook gehuil, dit het my ongelukkig gemaak om Ouma so te sien huil; sy het nooit andersins gehuil nie.

Die dag toe Mamma huis toe gekom het met Tina het Pa gesê dis my nuwe sussie. Ou Sina het opgewonde gepraat oor wat sy alles vir die "klein Miesies" gaan leer. Ek het toe nog gewonder of hulle ook so bly was toe ek gebore is.

Skool toe gaan was altyd vir my lekker. Veral die rit na die skool toe en terug. Ou Jonas het my met die perdekar kom haal en gevat. Smiddags het klein Jan ook saam gery en dan moes ek hom alles vertel wat ek dié dag geleer het.

Pa het Vlam vir my op my negende verjaarsdag gegee. Dit was my eerste perd. Ek het altyd in die middae gaan perd ry. Klein Jan het somtyds agterop gery of het saam met my gedraf.

Ek wonder of iemand al my en Klein Jan se geheime grot ontdek het. Dit was ons geheime wegkruipplek as ons iets verkeerd gedoen het. Ek en Klein Jan het baie saam slae gekry.

Ek onthou nog die dag toe ek koshuis toe is. Klein Jan het agtergebly, ek moes alleen gaan. Niks was daarna weer dieselfde nie.

Hier waar ek vandag op die stoep van die ouetehuis sit, blaas ek my herinnering in blou dampe voor my uit, terwyl ek aan my pyp suig.

Ag, vandag verlang ek sommer maar net . .

SUNETTE PAULEY   ST. 9/3



## OORWINNING

Die pers blare omvou my. 'n Silwer sonstraal dra my weg. Veelkleurige reënboë dans om my. Ek sweef. Weg, weg . . . WEG!

Ek is weer terug — terug in die alledaagse: probleme, tekorte, skaarstes. Sal ek nooit regtig daarvan kan ontsnap nie? NEE!

Dit sal net altyd tydelik wees: Dié nuutgevonde vryheid, sorgeloosheid wat ná elke vlug net weer verlore gaan. Dit is die lewe van 'n dwelmverslaafde. Mý lewe is sinneloos, hopeloos, verniet en tog só duur. Help my! Iemand, help my om weer die werklikheid te vind.

O, wat sal ek nie nou gee om weer op 'n pienk wolk weg te dryf nie! Om weer die illusies, beelde en waansin te kan beleef nie! Ek kan nie! My liggaam wil nie meer saamwerk nie. Of is dit my brein? En watter een is ek? Ek moet dit net weer in my are kry. Die salige, verlossende gevoel . . .

Ek probeer weer. Niks meer helder






vloeistof in my are nie, dankie. Dié lewe sal ek self in die oë kyk. Ek sal versoeking opsoek en vir hom sê: "Ek is nie meer aan dwelms verslaaf nie. Onthou dit." Maar . . . versoeking was nie by die huis nie. Ek vlieg, duik, draai en swaai. Ek is 'n voël, 'n duikboot, 'n wrak!

Vandag het ek 'n ontdekking gemaak. Ek het 'n swart massa op een van my vlugte in my skedel ontdek. Wat is dit? Is dit ek? Of is dit iets wat stadig besig is om my oor te neem? My brein?! Jy is mal. Jy weet nie waarvan jy praat nie; waar sal ek so iets kry? Ek het regtig?

So ek is ook 'n mens. Ek kan ook dink en voel. Ek is 'n individu, sê hulle. Elke mens is. Hoe wonderlik! Ek is soos geen ander nie. Ek is my eie, eie ek. Ek is uniek! Hoekom het ek dan gif nodig om my méér uniek te maak? Ek kan sónder dit, sê hulle. Dit gaan tyd neem, maar ek, ons, sal dit maak.

En ek glo hulle.

Die pyne het vandag weer begin. "Onttrekkingsimptome" sê die geleerdes. Maar ek weet wat dit regtig is. Dit is die gif wat my weer in hul kloue wil kry, en dit is die gif wat ook besef dat dit nie gaan gebeur nie. Die gif weet nog nie dat ek weer 'n mens is nie, maar ons sal hulle wys.

Ons. Ek en my brein. Of is dit ek? Dit pla my nie meer nie! Ek weet ek is ek, en my brein is ek. En raai wat, ek het ook 'n hart! 'n Hart wat kan voel. Gevoelens. 'n Waardevolle iets wat ek ontvang het. En al die jare het ek dit nooit gebruik nie. Ek het gif gebruik om my gevoelens te gee. As ek maar net geweet het . .

Wat 'n vermorsing! Maar ek sal daarvoaor opmaak.

Ek het myself weer gevind. Tussen die pienk wolke en die reënboë en die kleure hoort ek nie. Ek hoort hier. Hier in die werklikheid. Ek het al klaar 'n hart en 'n brein om my vriende te wees. En 'n hele klomp mense, mense net soos ek, wat vir my omgee.

Met my gesig vol in die son en my lewe skoon, kan ek nou die toeekoms ingaan. Ek het oorwin. Wat 'n wonderlike woord. Oorwin!

SANET GOUWS ST. 10/1

## EK KEN HOM NIE

1804. Die bemanning bestaan uit vyf persone. Drie mans, 'n vrou en 'n klein dogtertjie vaar met 'n boot oor die blou oseaan. Ek was een van die manne.

Alles verloop nog goed. Die see is bietjie onstuimig, maar dit doen niks aan ons boot nie.

Na twee dae se vaar kom ons op kalm water. Die dogter gewaar toe 'n pop langs die boot in die water dryf. Sy wou die pop net hê. Een van die matrose het toe vir haar die pop uit die water gehaal.

Daardie aand toe almal van ons in die kajuit sit, is die dogtertjie en haar pop op die dek. Die volgende oomblik hoor ons 'n geskreeu. Ons hardloop almal na haar om te hoor wat gebeur het.

Toe ons by haar kom, beduie sy na die pop. Uit die pop se mond loop 'n klein straaltjie bloed. Ek kon dit nie glo nie.

Nie ver vanwaar ons die pop gekry het nie, gaan staan die motore. Die boot wil nie beweeg nie. Daar is nie eers 'n bietjie wind om ons te help nie.

Een van die bemanning besluit maar om af te duik en aan die skroewe te gaan werk. Hy sou dan die tou pluk as ons hom moet optrek sodat hy makliker kan opkom. 'n Storm was aan die kom.

Na 'n ruk sien ons bloed in die water en die motor begin werk. Niemand het dit aangeskakel nie. Ek hardloop toe na die masjienkamer. Daar vind ek die dogtertjie en die pop. Die dogtertjie lê op die vloer. Dit lyk of sy slaap. Eenkant in die hoek lê die pop. Weer kom daar 'n straaltjie bloed uit die pop se mond en orals langs die pop is klomp klein groen papegaaitjies. Die man wat geduik het, is dood.

Buite het dit al begin reën. Die reën vang my so vol in die gesig, maar ek hou aan veg om by die maste te kom. Ek hoor elke nou en dan gille, maar ek móét eers die toue vas kry. Sopnat kom ek op die eerste lyk af. Die vrou — sy is ook dood. Daar is nou net drie van ons oor . . .

Ek gaan af in die kajuit. Ek kry niemand meer nie. Dit is net die dogtertjie nog wat lyk asof sy slaap.

Die reën het net so skielik opgehou as wat die pop gekom het.

Ek kyk en soek of ek nie van die ander mans kan sien nie. Daar is geen teken van hulle nie. Op die punt van die dek, met sy rug na my gedraai, staan een. Ek hardloop na hom toe; voor ek by hom is, draai hy om. Ek ken hom glad nie. In elke hand hou hy 'n groen papegaai. dit is net ek, die man en die twee papegaaitjies op die boot. Langs ons lê die groot oseaan . . .

Ek weet nie wat toe gebeur het nie, maar toe ek wakker word, was ek in 'n helikopter. Toe ek afkyk, sien ek hoe ons ou boot sink. Nie ver daarvanaf nie, dryf die pop weer in die water.

Op die horison kom 'n boot in die rigting van die pop aan.

ANCRI BARNARD ST. 10

## EK VERLANG SOMMER

Ek staan voor my kamervenster. Die wind waai buite en ek voel hoe die koue stil-stil soos 'n moordenaar oor die matte sluip. Die huis is stil, doodstil en ek voel vasgekeer. Ek druk my neus vaster teen die ruit en die wit wasem sit vas daarteen sodat ek niks buite kan sien nie. Ek draai om en loop voordeur toe. Ek moet uit! Ek gooi die deur oop.

Die wind ruk aan my baadjie, ek voel verlate en alleen. Ma, wáár is jy? Pa, ek mis jou! Dis tevergeefs, hulle kan nie nou na my toe kom nie. Ek dink aan hulle en dit verdryf die koue so effentjies.

Die tuin is koud en leweloos. My hande lê en slaap. Dis nét ek, ék en ék alleen. Ek voel nog meer eensaam toe ek sien hoe die wind groot takke van die apelkoosboom afgeskeur het; ek gaan haal die saag en saag hulle af sodat hulle nie verder moet skeur nie. Die oop wonde kyk vir my, lag met 'n grynslag en jaag my rond in myself.

Skielik is ek nie meer alleen nie, 'n klein voëltjie kom sit op 'n tak naby my. Die maskertjie is styf oor sy oë getrek en sy veertjies is deurmekaar van die wind. Ek kyk na hom. "Redder uit die lewe, roeper van die dood, is dit jy my klein ou voëltjie wat die laksman is hier rond?" vra ek hom. Sy antwoord sê nie veel nie, maar 'n antwoord was dit wel, sy woorde was 'n fluistering, 'n fluit wat wegwaai in die wind, en ek? Ja, ek is weer alleen.

Ek verlang sommer na my ma. Ek verlang sommer na my pa. Ek verlang na — ek weet nie wat nie. Ek verlang sommer omdat verlang verlang is.

Ek loop voordeur toe, soos 'n moordenaar het die koue van my besit geneem, my oorweldig en verswelg in sy swart mis-arms wat soos reën op my wange sit, dit meng met trane. Ek huil oor — ek weet nie wat nie. Ek verlang na — ek weet nie wat nie. Ek lek oor my lippe, dit smaak sout. Ek trek die deur toe en gaan sit op my bed. Die koue vloei soos my trane uit my uit. Die telefoon lui.

"Hallo, Ma!" "Ja, dis ek". "Nee, ek huil nie, ek verlang sommer . . ."

ELSJE SERFONTEIN ST. 9/1



## WOESTYN

Sluimerend in die laatmiddagson, 'n oase, vuurskoon gewas deur storms . . .

Ons was albei reisigers, op soek na skoonheid in eenvoud: diamante in die los sand. Die horison het aan jou geboorte geskenk. Stof uit sand. Uit die dor land het jy opgekom, nader getrek. In stille verwondering kon ek net kyk totdat die sand, duine, lug, net 'n wasige droom was, slegs 'n belofte van reën na 'n droogte.

Jy het gekom, 'n ligte briesie wat my omvou en beskerm het en met teerheid gekoester het. Liefde het ek gesien, naakskaam daaraan geraak. Die son was my strandbal, 'n stil getuie van my bruisende geluk.

Saam het ons verder getrek, dieper tussen die duine in. Jy was steeds by my, om my, deur my. Gister se voetspore is toegewaai. Gister was verby. Vandag was al waarvoor ons geleef het. Môre het in sy oneindige grootheid uitgestrek, vlekkeloos.

Ek het gegee, jy het geneem. Jy het meer gevra; ek het meer en meer gegee, myself — alles. Die ligte briesie het gegroei en groter geword. 'n Groot wit wolk het gevorm, trots soos 'n swaan. Dit het meer gevra en groter geword. Alles is uit my geneem. Ek het kleiner geword, maer en uitgeteer. Nogtans was dit reg: ek het jou liefgehad.

Die wit het verdonker, dit het grys geword, swart. Die mooiste los steentjies het jy laat val. Wat vir my so kosbaar was, was vir jou nie belangrik genoeg om te bewaar nie. Jy het geswel en met groot druppels die werklikheid

op my laat neervel . . .

In 'n woestyn so groot was daar geen wegkomkans, geen plek vir ontvlugting nie. Om my: genadelose strale wat brand en lewe, my uitdaag om te val, te sterf. Skielik was ek alleen. stoksielalleen. Geen liggaam, geen gedagte, geen beeld nie, niks. Ure, dae, weke was in 'n oorwink verby.

Woestynsand speel en sing die lied wat kring en draai. Iewers in die oneindigheid is daar hoop, miskien selfs lewe. Gister se beloftes wat onder die sand toegewaai is. Vrugbare aarde wat nooit sal opdroog nie. Miskien kom ek eendag 'n reisiger teë, iemand op soek na 'n oase, iemand wat ook wil vlug. Skepe in die nag, wat mekaar nooit werklik ontmoet nie . . .

Die woestyn het jy my gegun. Miskien sal jy eendag weer verby reis en leef, sterf, opstaan . . . stilstaan.

ILZE LOURENS ST. 10/3

## AS DIE WIND DEUR DIE BOME SUIS

Alleenheid . . . hartseer . . . pyn . . . gevoelens wat ek ervaar as die wind deur die bome suis. Alleen, net met die wind, soos die bome wat sonder blare in die wind staan, was ek daardie dag.

Hier waar ek nou staan, was die klein huisie waarin ons gewoon het, baie jare terug. Ons wou in die natuur wees, om naby mekaar en ons Skepper te wees. Daarom was dié plekkie, diep in die bos, ideaal.

Soos bome wat met lente nuwe blaartjies en blommetjies kry, het ons opnuut elke lente weer ons sterk liefde vir mekaar ervaar. Die somer was vol sorgvrye dae, net ek en jy. Herfs het ons op die sagte tapyt vir mekaar ons warm gemaak in die koue.

Oorlog . . . Hy verwoes alles, maar ons liefde sal hy nie verwoes nie. Jy moes gaan veg. Ek was trots op jou. Ons het mekaar min gesien. Dit het weer lente geword, somer en herfs.

Winter. Net so 'n dag soos vandag. Die wind het deur die kaal bome gesuis. Dit was koud, maar tog was ek warm gemaak deur die wete van jou liefde. Niks, selfs nie eers die oorlog sou ons van mekaar af wegneem nie, maar waaraan ons nie gedink het nie, was die dood. Die dood het soos 'n dief in die nag gekom, ons oorrompel en jou weggeneem.

Ek was alleen, die bome was alleen. Hulle blare sal terugkom, maar my geliefde nié. Soos die wind deur die bome gesuis het, het dit ook deur my gesuis. Hoekom? Waarom ek?

Ek het tot berusting gekom. Nou laat sulke dae my net terug dink aan die blye tye wat ons gehad het. As die wind deur die bome suis . . . dink ek aan jou.

TERESA VAN DER LAAN ST. 10/7



**J. KRIEL**

## MODES

As 'n mens vyf jaar gelede 'n man sou hoor praat van modes, sou hy seker as 'n "sissie" of so iets bekend gestaan het. Maar in vandag se lewe is dit algemeen om te hoor dat mans en selfs jong seuns die nuutste modes bespreek. Wat sou die rede wees? Miskien kan die antwoord gekry word as ons na vandag se modes kyk. Dit word algemeen aanvaar dat 'n man 'n pienk hemp of broek kan dra terwyl 'n meisie weer kruisbande by haar broeke kan dra. Die ouer garde, glo ek, staan somtyds geskok en verwonderd teenoor vandag se modes. Hoe kan 'n mens dan pienk, geel en blou saam dra, met drie gordels nog om jou middel? Maar nou ja . . . Dit is vandag se mode.

Vergelyk nou vandag se modes met dié van 'n paar jaar gelede. Dan eers besef jy hoe die wêreld verander het. As 'n meisie 'n romp sou dra wat opgebind is aan die eenkant, tot by haar middel — met 'n vishoek soos my ma dit noem — sou sy heel moontlik as 'n slegte meisie bekend gestaan het. En tog word dit algemeen onder die jong tienermeisies gedra. Tien jaar gelede sou een gordel oorgenoeg gewees het vir die doel waarvoor dit gebruik is, maar vandag word sommer drie tot vier gebruik.

Wat het van ons mensdom geword dat almal die mode so slaafs navolg? Het elkeen nie meer sy eie identiteit nie? Sulke vrae hoor ons so baie. Ek dink die jong tieners volg die mode na slegs om een rede en dit is om nie uit te wees nie. Wat die mode ook al eis, al is dit om jou hare groen te kleur, sal jy dit doen, net om nie "uit" te wees nie.

Om by al hierdie giere by te bly, jaag taamlik baie geld uit jou sak. Want die doel van mode glo ek, is maar net om geld te maak. Al vra hulle R40,00 vir 'n bloes wat woes in die mode is, wie sal nou twee keer dink om dit te koop. Dit laat mens dink, nè . . . mode?

*En wat kwel julle jul oor klere?*
*As God dan die gras van die*
*veld, wat vandag daar is en môre*
*in 'n oond gegooi word, so beklee,*
*hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?*

Mat. 6:28.30.

JOHANIE DU TOIT ST. 7/1

## VERSLAWING

Ek staan met my hand gelig, gereed om te klop. Maar dan begewe my moed my en ek stop my hand weer terug in my sak. Ek weet dat dit verby sal wees nadat ek geklop het. Dan móét ek maar ingaan en dan is daar nie meer uitkomkans soos voorheen nie. Dit is onaardig stil. Die wêreld hou sy asem op en wag op my besluit. Maar dan kou die verlange weer soos 'n rot aan my binnestes en ek klop. Dit is verby . . .

Die deur word dadelik oopgemaak en 'n hand slang uit, gryp my mou en trek my in. Die deur word agter my toegeslaan en dit is nou te laat . . . Die hand wink my aan en ek kom tot stilstand voor 'n oop deur. Hand verdwyn en ek staar na die gesig voor my.

Daar is 'n rooi lig in die vertrek en ek kan die gesiglose liggame wat rondlê sien. Die musiek is 'n lewende, polsende gedierte wat die kamer laat vibreer. Eers nou ruik ek dit. Dit waarvoor ek gekom het. Die rot knaag weer aan my binneste. Maar skielik lui daar 'n klokkie in my kop; 'n waarskuwingsklokkie. Ek skud my kop ontkennend en stap doelbewus in.

Op een of ander manier beland ek op die vloer en 'n glas word in my hand gestop. Ek neem 'n slukkie en die vloeistof brand sy weg soos warm olie by my keelgat af. Dan beland dit in my maag en stuur 'n goue gloed deur my hele liggaam. Die glas is leeg en my kop is heerlik lig. Die lastige klokkie het ook al verdwyn. Ek aanvaar sonder aarseling die stompie wat tussen my vingers geplaas word. Uiteindelik! Dis mos waarvoor ek gesoek het . . .

My dae is 'n aaklige nagmerrie van 'n knaende dier in my binneste, 'n hamer wat slaan teen my voorkop en die heerlike verligting van 'n aand tussen my vriende, Hand en Stompie. Knaag, knaag, doef, doef, verligting, knaag, knaag, doef . . .

Die mure is so wit, so blink. Alles blink. Die instrumente blink só hulle maak my oë seer. Die rot knaag en 'n masjien beep-beep langs my bed. "Waar is ek? Waar is ek!" "My oë is so seer. Skakel die masjien af. Skakel die wit af! Waar is ek?"

"Toemaar, meneer. Wees kalm. Jy is in die hospitaal."

Ek is nou ontslaan uit die hospitaal. Hulle sê ek is gesond en, wie weet? Ek hoop net ek sal nooit weer die slaaf van Hand en Stompie wees nie. Maar, as die rot weer begin knaag, weet ek nie of ek dit sal kan weerstaan nie . . .

LISA PICARD ST. 9/1



## DROOGTE

Ek verlaat my skroeiende wit dag en betree 'n geroetineerde swartverbrande nag. My angsvolle soeke na water neem my op ver, stofbedekte togte. Hulpeloosheid lei my na dieptes onmeetlik, steeds in 'n afwaartse spiraal, rigtingloos, koersloos . . .

maar U, o God, mag my geen oomblik
verlaat
dan stort ek in die angs en in die nag.

'n Desperate bevel wat wegsmelt in die vergetelheid. My siel bars en kraak, die swart kors daarvan word tot vuil poeier vertrap deur 'n geesdodende eentonigheid. Néé, dan verkies ek eerder die absurde: sneeu. Dit sal bedek en begrawe wat tóg al dood is!

Die hitte van die dag storm my weer tegemoet. My dagtaak van skopgrawe vol sout wat sal vreet, lê voor. 'n Skielike wind span 'n seil van droogte oor . . . alles. dit pak aan, daar is geen water om die kors mee af te spoel nie. My wil is vervreet, my krag vervloei in uitversmelte sink.

Vog . . . o, Vog . . .

My wilde grawe mislei my rigting. Slegs laag op laag sout stuif om my, voltooi my dagtaak. Die droogte duur voort. Ek soek te diep, vind, gee water. My skopgraaf stomp alles af, verkrummel alles, verpulwer wat wou bestaan.

Swart verbrand is my menswees, verdor my denke. Tog . . . as ek maar water . . . Wáter kon kry! Veraste gras word ook mos weer groen . . .? Ek moet wegkom van die sout, die laag vreet byna onuitwisbaar diep, amper te veel kap die skopgraaf. My rigting verander. ek begin opwaarts soek, reik na Water wat van bo kom

(het hy bewus
begin word hoe swak die mens is? en
miskien
tóé reeds die magtige genade van God
gewaar?)

'n Versoek, 'n smeking . . . Skenk vog! Alles is tog nog nie meegevoer in die omhulsels van droogheid nie? God, spoel die sout weg, verlig die dorheid!

Droogte het my liggaam verteer, stof keer tot stof . . .

Maar my siel het Water, my gees groei weer!

*Uittreksels uit:* **"Die Hand van God"** —
*N.P. van Wyk Louw*

MARIKE BUITENDIJK ST. 9/2

## EK IS EENSAAM

Die branders klots teen die rotse. Hulle is een: die son, die sand en die see. Twee seemeeue maak 'n draai in die lug. 'n Ou en 'n meisie trap hand-om-die-lyf twéé paar spore in die sand, terwyl die son agter die horison inkruip. Harmonie, vrede, vreugde! Alles saam 'n eenheid, alles behoort iewers . . . almal het maats! Ek vroetel my tone onder die sand uit — nat, klam, koue sand — staan op, en stap terug na my betonhokkie . . . 'n eensame figuur, afgeëts teen 'n warm sonsondergang.

Ons was een! Ja, twee mense verbind in 'n eenheid. 'n Eenheid van liefde warmte, volmaaktheid, wit, warm sand. Nou's ek alleen! Alleen? Nee! Nee! Nee! Eensaam!!! Alleen tot binne-in 'n mens se siel, 'n alleenheid wat diep inkruip soos seewater wat insypel in die wit, warm sand op die strand, dit is eensaamheid! dit is eensaamheid! Ek is eensaam . . .

ZELDA BOUWER ST. 9/3



## SEE

Aquarius, Aquarius . . . Vee die mistorings weg voor jou blou oog en kyk na my. Soek my op jou skurwe handpalms, soek my met jou oog wat traan — totdat jy my kry waar ek speel met jou kinders, in jou plooie en jou trane. Wink my nader, na waar die blou reënboogkleure 'n veer maak wat dryf, sodat ek so baie ver kan gaan: tot by die noordpool van jou iris, en kan afkyk om die saffiere te sien skitter in die lig van die poolster; daar diep, so diep in jou donkerblou verbeelding.

Ek hardloop oor sy handpalm, ek speel met sy kinders in die plooie en ek duik in sy trane: want ek was daar, en hy het vir my gewys — sy hart van saffierstene. Ek het gesoek tot ek my refleksie gesien het — blou, wasig — ek het vasgenael bly staan en kyk hoe die sterrelig my beeld terugkaats in my oë: blou. Blink. En tóé het ek geweet waar ek hoort. Toe hy my terugroep, het ek aangehardloop gekom en hy het gelag en my gevang in sy skurwe handpalms: waar ek vir ewig sal speel met sy kinders in sy diep, blou slote en waar ek sal leef in sy trane.

MINNETTE VARI ST. 9/4



## DIE LEKKERSTE LEKKER!

Uiteindelik! Vir die eerste keer in my hele lewe hou ek dit vas. So lank al wens ek dat ek een kan besit, en nou het ek hom! Was dit nie vir my dierbare pa, wat vandag so vriendelik met ons was hier op die skougronde nie, sou ek hom nooit kon hê nie. Ek beskou die groot, eintlik reuse, bloedrooi, ronde toffie-appel op die lang houtstokkie. Ek is nou te jammer om hom te eet, maar die krakerige, rooi, taai toffie lok my mond uit om 'n reuse hap te vat. Salig, soet en héérlik! Dit is wraggies kraaktand, die lekkerste lekker . . .

. . . En die onvoorspelbare gebeur! My pa het my gewaarsku dat dit nou nie juis 'n vyftienjarige meisie betaam om só te sit en eet aan 'n rooi appel nie. Vir almal wat verbykom, gee ek 'n bloedrooi glimlag, dat die rooi sop so spat! En toe daar weer "iemand" verby kom, en ek weer my kop oplig, dat my twee ponies parmantig wip, wie sal dit wees? My liewe, beste vriend! Ek skaam my in die afgronde in! En al wat ek hoor, is sy heerlike, borrelende laggie. Ek kon nie besluit vir wie ek die kwaadste moes wees nie: My pa wat die ding vir my gekoop het, ek wat so onskuldig soos 'n klein dogtertjie sit en eet het, of hierdie vriend van my wat so in die openbaar vir my staan en lag nie. Tog, na so rukkie, het dit aansteeklik begin werk. En die lekkerste lekker was soet in my mond . . .

MINKE SMITH 7/1

## IN DIE MODE

Mode . . . O, die goeie ou mode! Hoe is hierdie onderwerp nie al holrug gery nie? In die geskiedenis van die mens is daar seker nog nooit so baie geskryf, gepraat of geluister oor enige ander onderwerp nie.

Meisies, seuns, vrouens, mans, oumas en selfs oupas is deesdae modebewus. Almal wil tog so graag in die "mode" wees.

Daar is niks daarmee verkeerd om in die mode te wil wees nie, maar mens moet weet hóé. Daardie "hoe" is tog so belangrik, want daar is niks so verspot soos iemand wat in die mode probeer wees, en nie daarin kan slaag nie.,

Die mode is soms pragtig en soms minder mooi, soms kleurryk en soms vaal. Daar is egter sommige mense wat die mode as 'n uitdaging beskou. Daar word gekyk hoe modieus daar aangetrek kan word en in dié proses maak hulle van hulself 'n bespotting.

Ander het weer die "gawe" ontvang om hul eie idees en persoonlikheid in hul kleredrag uit te bring. Daar word gemeng en gepas en uit dáárdie konkoksie ontstaan iets pragtigs, iets eie aan hom — of haarself. Sulke mense is die "moordenaars".

Die mode is 'n snaakse ding. Hy moenie sommer hals oor kop nagevolg word nie, maar moet met 'n tikkie van die "jy" in iemand aangewend word. Dis soos om sonder grimering uit te gaan . . . jou prentjie van mooiwees, is nog nie ingekleur nie.

Mode is egter iets spesiaals, in die sin, dat daar elke jaar 'n ander, nuwe een is. Soos die geskiedenis egter, is die mode ook 'n kalant wat homself herhaal. Selfs in vandag se gejaagde lewe, sien ons hoe negentien toet se kleredrag stadig maar seker weer begin om sy plekkie, in die wonderland van die mode, in te neem.

Wie sou kon dink dat ons na al die jare weer met mini-rompies en -rokkies op die strate sou verskyn? Die dun potlood-dassies wat die mans dra, kom ook uit Oupa se tyd en kyk hoe word dit deur die jeug gedra.

'n Nuwe ding het egter ook sy kop uitgesteek — die "punk"-mode. Los, gekreukelde rompe met "skeure" langs die kant van die been, wat met 'n "ketting" vasmaak om die, somtyds mooi en somtyds minder mooi, been te wys. "Moses-sandale" met gestreepte sokkies dien as beskerming vir die voetsole en dubbele leergordels word gebruik om die middeltjie te beklemtoon.

By die manlike geslag gaan dit dieselfde. Pers, groen of rooi pof langbroeke met te veel sakke en te groot gesnyde hemde wat die helfte van die maag moet ten toon stel, is hierdie jaar die resep vir die modebewuste tiener.

Dit was hier van die begin af en dit sal hier bly tot die einde . . . ja, ons goeie ou modemaat is hier om te bly.

CORNÉ BOTHA
ST. 9



## EK VERLANG SOMMER . . .

As ek vars brood ruik, dan verlang ek sommer. Ek verlang sommer na die dae voor ek hom gesien het, dae waarin niks my kan raak nie. Ek was gelukkig want ek het geweet wat ek wou en alles wat ek wou, kan ek. Die dae het verby gesnel en my werk was vir my genoeg. Skoolhou was lekker en ek was tevrede.

Rooi rose se geur laat my verlang. Sommer verlang . . . Ek verlang dan na die dae toe hy gekom het. Eers ver op die horison soos 'n son wat opkom, dan nader en nader totdat sy warmte jou omvou en sy strale jou warm bak. Sonbrandolie en die geur van roomys laat my verlang na die dae toe sy hitte my lewe was, die doel van my bestaan. Knetterende kaggelvure en die geur van brandende lemoenskille laat my verlang na die vrede van 'n wintersnag, veilig in sy warmte voor 'n rooi vuur.

Sjampanje se borrelende geur laat my verlang, sommer verlang na 'n blye dag. Wit angeliere en pienk sjampanje so mooi, so goed. Sy beloftes, my beloftes, ek verlang na hulle so eg en waar.

As ek die geur van soet parfuum ruik, 'n vreemde geur, verlang ek sommer na die dae toe ek móés haat. Laatnagte, wegbly vir ure sonder verskoning, dit alles laat my verlang na dae toe ek beplan het. Koue staal en swaar lood laat my sommer verlang . . .

Hulle sê ek is mal omdat die geur van mensbloed my sommer laat verlang . . . Dit laat my verlang na die dae toe ek geweet het wat ek wil en gekry het wat ek wou . . . Maar hier in die koue sel . . . Dit is hel en hulle is almal bang vir my, al is ek net 'n weerlose vrou . . .

